MEER AS SALOMO IS HIER

Dankie, Broer. God seën jou. Dis baie goed.

2 Enigiemand wat nie daarna kon preek nie, sou nie 'n prediker genoem word nie, sou hulle? Wonderlik, pragtig, wel gedaan. Waardeer dit beslis in my dierbare broer. Ek het net uitgevind oor hom, hoe naby hy was vir die volgende diens, maar ek dink hy's van, ek het dit nie net reg gekry nie, van 'n ander provinsie of iets. Maar dis baie goed. So dankbaar dat God hierdie broer hierdie lieflike talent gegee het om Sy lof te besing. Julle weet, dit—dit werk alles saam om die Evangelie te maak. Ek het nou die dag, daaronder in die State gepreek, oor *Vier Maniere Om God Te Sien*. Julle weet, en daar's 'n duisend maniere om God te sien as ons net sal rondkyk. Hy is—Hy is oral.

3 Nou, ons is jammer ons het julle so laat gehou gisteraand, toe julle so geweldig warm gekry het hierbinne. Party van die vriende wat saam met my was, het gesê: "Sjoe!" Hulle het net koel gewaai. So ek . . . Toe het iemand gesê: "Dit pla egter glad nie die Indiane nie," gesê: "hulle bly heelnag net daar, getuig die res van die nag." So—so ek's dankbaar. Miskien wanneer ek gaan, staan net op en begin getuig, vertel van wat die Here vir jou gedoen het.

4 Hoeveel van julle het al ooit van Tommy Osborn gehoor? Hy's 'n baie dierbare vriend van my, en hy gaan baie na die ou lande toe, oor die see, 'n sendeling. En hy het gesê . . . Eenkeer het ek gegaan na . . . Ek was op pad Suid-Afrika toe, en hy het na die diens toe gekom. En—en toe ek uitgestap het op die verhoog in—in New York Stad, daardie plek waar hulle al daardie stoei doen, 'n groot arena daar, en die plek was volgepak en ingeprop, en ek het uitgestap oor die platvorm, en Tommy het reguit oorgekom en my om die middel gegryp en my begin omhels. En ek het gesê: "Tommy, wat doen jy hierbo?"

5 Gesê: "Jou net vaarwel toe te wens en God se seëninge vir jou te vra terwyl jy oorsee is." Hy's een van my bekeerlinge tot Christus, in die genesingsbediening. En hy het gesê . . .

En ek het gesê: "Ek reken jy's gedaan, Tommy. Jy het soveel gepreek."

6 Gesê: "Nee," gesê: "ek het geen onderskeiding en hoef nie moeg te word nie." Gesê: "Weet jy wat doen ek? Ek staan net daar vir vyftien minute en knoop die duiwel vas in 'n knoop met die Woord," gesê: "hy kan nie daar uitkom nie. Dan laat ek hulle vir mekaar bid, en dan kry ek vir my 'n stoel en gaan sit, luister hoe hulle getuig tot daglig," het hy gesê. Gesê: "Een sal opstaan en getuig en sê wat God vir hom gedoen het, en gesê dit laat die

ander een glo, en hy staan op en getuig, en terwyl hy getuig staan nog een op." En gesê: "Ek sit net daar, en klap my hande, en geniet myself." O, goeiste.

7 Dis wonderlik om te sien hoe God Sy verskillende bedienings het, julle sien, hoe Hy dit bewerk. Hierdie lieflike broer, hier, wat sing, dis 'n sangbediening. En ander het 'n bediening. Sien, God het voorbestemde gawes in die Kerk geplaas, een van hulle is, eerste apostels, profete, leraars, pastore, en evangeliste.

8 Nou, apostels is eintlik wat ons vandag sal noem, ons het hulle 'n nuwe naam gegee, sendeling. 'n Sendeling is 'n apostel. Nou, die woord *sendeling* beteken "een wat gestuur is," en die *apostel* beteken "een wat gestuur is," dieselfde ding. Maar hoe hulle ooit apostels genoem wou word, of, sendelinge in plaas van apostels, weet ek nie. Maar 'n sendeling moet die roeping van God hê en gestuur word deur God: "een wat gestuur is."

9 'n Profeet is 'n siener wat die mense se harte sien en die dinge vooruit sê wat gaan gebeur. En—en nou, daar's gawe van profesie, wat in die kerk is onder die plaaslike lidmate, dit val op enige van hulle. Hulle gee 'n profesie, dan kan dit nie in die kerk ontvang word voor dit beoordeel word deur twee of drie getuies nie, en dan, moet hulle hulle seël daarop plaas, om te sê dis God, dan moet hulle kyk om te sien of dit gebeur. Dan mag dit dalk nooit weer op daardie broer of suster val nie. Dit mag op 'n ander een wees volgende . . . Dis 'n gawe van profesie.

10 Maar 'n profeet, p-r-o-f-e-e-t, word as 'n profeet gebore, altyd van . . . was verordineer as dit voor die wêreld nog eens begin het. Sien? Nou, as jy vat soos Jesus Christus, die Koning van profete, Hy was, vanaf die tuin van Eden, die Saad van die vrou, Profeet. En Moses is as 'n mooi kind gebore, 'n profeet. Johanens die Doper, wel, Jesaja het hom gesien sewe-honderd-en-twaalf jaar voor hy nog gebore is, en gesê hy's die "stem van een wat roep in die woestyn," sewehonderd-en-twaalf jaar voor hy gebore is. Jeremia, God het gesê voor hy nog in sy moeder se skoot gevorm is, dat Hy hom geken het, en hom geheilig het, en hom verordineer het as 'n profeet vir die nasies. Sien?

11 Profete het die Woord van God, en word as 'n profeet gebore. 'n Gawe van profesie is anders, dis 'n gawe wat . . . nou, daar's nege . . . daar's vyf verordineerde gawes in die Kerk: apostels, profete, leraars, pastore, evangeliste. Nou, dis die vyf gawes wat God in die Kerk plaas deur Sy voorkennis.

12 Dan is daar nege gawes wat plaaslik in die Kerk is: praat in tale, uitleg van tale, en gawes van wysheid, en kennis, en—en profesie, ensovoorts. Daardie is nege geestelike gawes wat deur die Kerk werk, maar dan is daar nege . . . vyf ampgawes wat God in die Kerk plaas. En, o, hoe ons daarvan hou om hulle almal te sien werk in die . . . Een van hulle is die pastoor, leraar, en daardie dinge. Dan kom die ander as bevestiging. Gawes is om groot te

maak. En God het dit net so, dat selfs 'n—'n dwaas nie verskoon sal word nie, sal hy? Hy sal . . . Dis so eenvoudig op die manier wat God dit gemaak het. En ek hou daarvan.

13 Hoe eenvoudiger jy word, hoe groter sal jy word voor God. Dis reg. Moet nooit probeer om jouself te verhef nie, wanneer jy dit doen, verlaag jy jouself. Sien? "Hy wat homself verhoog, sal verneder word."

14 Nie lank gelede nie was ek . . . (Doen ek iets hier verkeerd, Broer? O, dankie, Broer. Goed. Dis beter.) Dankie. Ek het seker nie reg geklink, daaragter nie.

15 Daar was . . . Ek was onlangs in . . . Die mense het vir my 'n brief gestuur, na 'n groot saamtrek toe te kom in 'n groot stad in die Verenigde State, Chicago, na 'n Pinkstersaamtrek toe. Wel, ek—ek—ek kon in elk geval nie gaan nie, maar ek het nog nie die brief beantwoord nie, en die man wat in beheer was, het vir my laat weet: "Jy moenie kom nie."

Wel, ek het gedink: "Wel, dis in die haak."

16 So toe het hulle 'n sekere groot prediker gekry wat 'n groot naam het, en goeiste, was hy nie een of ander groot Bybelskoolleraar nie. En toe die man daardie aand opkom, het hy 'n yslike groot boek gehad, bladsye gehad, en hy het daardie intellektuele toespraak gemaak soos hy dit van daardie bladsye afgelees het, en dit omgeblaai het, 'n baie goeie intellektuele toespraak. Sien?

17 Maar die heiliges van God het net stilgesit, dit het nie ingegaan nie, hy het dit geweet. Toe hy opgestaan het, bors uitgeswel, kraag omgedraai, julle weet, en al hierdie *grootdoenerigheid*. En hy het uitgevind dit het nie goed afgegaan by die kinders van God nie. En toe—toe hy gesien het dit gaan nie goed af nie, het hy net sy boeke toegemaak en weer afgestap met sy kop onderstebo, baie nederig weggestap.

18 Daar was 'n ou heilige wat daaragter in die hoek gesit het, aan die ander een gestamp, en gesê: "As hy opgegaan het op die manier wat hy afgekom het, sou hy afgekom het op die manier wat hy opgegaan het." Dis omtrent reg. Verneder onsself voor die Here. Dis hoe om dit te doen.

19 En ek het net gedink, toe ek daarbuite gesit het, ingery het en geluister het na Broer Borders wat sy boodskap voltooi, het ek gedink aan die . . . my Indiaanse broers. Ek hoop hierdie is gepas. Ek onthou ons het 'n—'n—'n sirkustent in Phoenix, Arizona gehad, en ek het 'n diens daar gehou. En daar was 'n —'n Indiaan wat gekom het van . . . Ek dink hy was 'n—'n Navajo, en hy het ingekom, baie tipiese Navajo, julle weet, met die blou bande om sy kop gedraai, en rooi hemp aan. En hy het nie op die sitplek gesit nie, hy het net daar op die vloer gaan sit. Sien?

20 En so ek . . . Billy het daardie gebedskaartjies uitgegee, en afgekom, hulle deurmekaar gemaak en hulle uitgedeel aan die

mense. En toe hy sou . . . Mense het opgekom op die platvorm met ’n tandpyn, en die ander een het gehad, miskien, hy sou gehad het, julle weet, ’n maagpyn of *iets dergeliks*, een of ander klein, geringe dingetjie.

21 En ek het vir Billy gesê, ek het gesê: “Seun, hou op om daardie kaartjies vir daardie mense uit te deel wat niks anders as net tandpyn het, wanneer daar mense daar sit met kanker, sterwend, hulle moet op die platvorm kom. Vra die mense wat verkeerd is met hulle en gee dan vir hulle ’n gebedskaartjie. Iemand . . . Kry iets daarbo wat sterwend is, want hulle het nog net een aand, en dan moet ons afsluit, en daar is omtrent vyfduisend mense daar om voor gebid te word, en hulle—hulle is baie siek.”

22 So Billy het opgekom, mikrofoon, hy het gesê: “Pappa het gesê om hierdie kaartjies net vir die mense te gee wat baie siek is.” Gesê: “Nou, wanneer ek hulle vir julle uitgee, moet julle vir my sê wat verkeerd is met julle en dan sal ek vir julle ’n kaartjie gee.” En hy het gesê: “Net mense wat tandpyn het, ensovoorts, en sulke dinge, klein . . . wat klein hoofpyne het . . . ” Natuurlik is dit ’n groot probleem vir hulle, maar dis nie ’n probleem soos ’n man wat besig is om te sterf, en hartprobleme, of—of iets baie erg nie.

23 So ek gaan hom “Chief” noem. Hy het oorkant in ’n hoek in die stof op die vloer gesit, en hy het na Billy toe gestap, hom op die rug geklop, sy hand uitgehou.

Billy het gesê: “Wat makeer, Chief?” Gesê: “Pappa het vir my gesê om te vra wat verkeerd is met die mense.”

Hy het gesê: “Ek siek.”

Hy het gesê: “Hoe siek is jy, Chief?”

Hy het gesê: “Ek siek.”

Billy het gesê: “Wel, ek—ek weet nie wat om te doen nie.” Hy het gesê: “Goed, gaan sit jy, ek sal binne ’n paar minute by jou uitkom.”

24 Hy het hom dopgehou, daardie klein ogies wat dophou. Toe die hopie kaartjies baie klein begin raak het, het hy nadergestap en hom weer getik, en hy het gesê: “Ek siek.”

25 En so Billy het gesê: “Chief,” gesê: “jy sal vir my moet sê wat jy makeer. Pappa het gesê om hierdie kaartjies net vir mense te gee wat baie siek is. Wat makeer jy? Hoe siek is jy?”

Hy het gesê: “Ek siek.”

Billy het gesê: “Goed, Chief, vat dan hierdie en skryf daarop ‘Ek siek.’” Jy sien?

26 So dit het so gebeur, dat hy die volgende aand in die gebedsry gekom het, die volgende aand. So hy het daar opgekom, natuurlik het die Here begin praat, gesê wat verkeerd was en wat, sovoorts.

En so ek het gesê: “Chief?”

"Ja?"

27 Ek het gesê: "Glo jy die Here sal jou genees?" Hy het na my gekyk. En ek het gesien hy het dit nie baie goed begryp nie. Sien? Ek het gesê: "Glo jy die Here sal jou genees?"

Hy het gesê: "Dit reg."

En ek het gesê: "Sal jy 'n soet seun wees daarna?"

Hy het gesê: "Dit reg." En alles wat ek vir hom gesê het, het hy gesê: "Dit reg."

28 Later uitgevind, daar was net twee woorde wat hy kon sê, wat hy geleer het, dis "Ek siek" en "Dit reg." Ek het hom omtrent, o, ses of agt maande later daaronder ontmoet, ek het gesê: "Daar is daardie Indiaanse broer." Ek het na hom toe gegaan. Ek het gesê: "Hoe gaan dit met jou, Kêrel?" soos daardie.

Hy het gesê: "Dit reg."

29 Iemand, die sendeling daarbuite het gesê hy was genees. Sien? Hy was genees. En dis al wat hy geweet het: "Dit reg." So...Dis al wat jy hoef te weet: "Dis reg." So ons is baie dankbaar vir daardie eenvoudige geloof. Die enigste ding wat jy hoef te weet is: "Dis reg," wanneer ons oor die Bybel praat. Dis reg.

30 'n Chinees het eenkeer, daar mag dalk 'n paar Chinese hier wees vanaand, hy het gesê: "Julle Amerikaners lees nie reg nie." Gesê: "Julle lees almal oor die bladsy soos *hierdie*." En gesê: "Ek gaan vir julle Johannes 3:16 lees." Hy het gesê: "Julle sê: 'So lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, dat wie ook al in Hom glo, nie verlore gaan...'" Gesê: "Julle sê: 'Nee, nee, nee.'" En gesê: "Ons Chinese, ons lees van bo na onder op die bladsy: 'So lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het...'" Dit reg. Dit reg.

31 Deur rond te reis, verskillende mense in verskillende nasies te ontmoet, is dit verbasend, maar om uit te vind dat al God se kinders wonderlike mense is. Maak nie saak watter taal, wat hulle is nie, hulle is almal God se kinders, en baie liefdevol, en ek—ek is lief vir hulle almal. Noorweërs, Swede, en Finne, en in Finland, dis waar die klein seuntjie opgewek is uit die dood. Julle het waarskynlik die storie daar gelees. En dis vyf keer agtermekaar, met doktersondersoeke, dat vyf mense, wat dood was, wat deur die genade van God, deur 'n visioen, hulle lewe weer na hulle toe teruggeroep is. En dis verklarings deur dokters onderteken. Julle sien?

32 Het julle dit gelees in die Christen Sakemanne nie lank gelede nie, van die klein Mexikaanse babatjie? Nou, daardie... Julle sien, voor jy enigiets kan laat druk, moet jy dit kan bewys. Sien? Jy kan dit sê, dis in die haak, want jy kan dit ontken, maar wanneer jy dit laat druk, beter jy dit reg hê. En so hierdie klein Mexikaanse babatjie, die dokter het geteken dat dit gesterf het

daardie oggend in Mexiko daar. Daar was duisende . . . Wel, een altaar-oproep het twintigduisend mense op een slag gebring. En hierdie klein Mexikaanse babatjie . . .

33 Nou, hulle was almal Katoliek, en hulle was . . . O, dis so 'n . . . Net . . . Hulle het om nege-uur in die oggend daar gekom, en gewag tot ek daar kom om nege-uur daardie aand, gewag vir, om te kom. En ek het op die platvorm gekom. Het heeldag gereën, net hard geval, en hulle het net daar gestaan, reg in daardie reën.

34 Vorige aand was daar 'n Ou Mexikaanse broer, wat oor die platvorm gekom het, geen skoene aan nie, verslete broek, 'n ou hoed wat vasgewerk was met tou. En hy het oor die platvorm gekom, aan die bewe, soos *daardie*, en hy het sy hand in sy sak gesteek en uitgehaal . . . 'n paar krale om 'n "Ave Maria," te sê, en ek het gesê: "Dis nie nodig nie." Die tolk, Broer Espinoza . . . Party van julle Gemeente van God mense sal vir Espinoza ken. Hy's by . . . En so hy was my tolk. En hy . . . Ek het gesê: "Dis nie nodig nie."

35 So hy het opgekom, en ek het gekyk, en daar was ek, wat daar staan met 'n goeie paar skoene aan, mooi pak klere wat iemand vir my gegee het. En daar was daardie arme ou broer, het geen skoene gehad nie, het geen pak gehad nie, sy jas was verslete, geen hemp eens nie, stowwerig. Waarskynlik, het die ou kêrel nog nooit in sy lewe eens 'n goeie maaltyd gehad nie, en ek het so pas 'n goeie maaltyd gehad.

36 En onthou, hy's 'n—hy's 'n mens waarvoor Christus gesterf het, net soos ek, of enigiemand anders, het net soveel reg as wat ek het. Waarskynlik 'n klompie kindertjies by die huis, of miskien toe al jongmense, want hy kon omtrent my pa se ouderdom gewees het, en daar was hy heeltemal blind.

37 En ek het my voet langs hom gesit, die gemeente kon dit nie sien nie. O, die platvorm was omtrent so lank as wat hierdie gebou breed is, en ek het my skoen langs sy voet neergesit om te kyk of dit hom sou pas, ek sou my skoene vir hom gegee het, en ek het dit gedink, maar sy voete was baie groter.

38 Toe het ek my skouers teen sy skouers probeer sit, my baadjie sou nie vir hom pas nie. Ek het gedink: "O God, daar is dit." En ek het sy grys hare sien afhang, sy wit oë, ek het gedink: "As ek hom net op een of ander manier kon help." Jy moet voel vir mense, of jy kan glad nie help wanneer jy vir hulle bid nie, jy moet—jy moet vir hulle voel. Ek het gedink: "Wat as my pappa sou gelewe het? Hy sou omtrent daardie ouderdom gewees het, hy's waarskynlik iemand se pappa."

39 En ek het gedink: "En dan, dink net dat Satan so wreed teenoor hom was. Die natuur het hom in die toestand laat beland waarin hy is, waarskynlik, in hierdie armlastigheid, en hier het hy nie eers 'n sig om te kan sien om rond te gaan nie."

40 En ek het my arm om die ou kêrel gesit, en ek het gesê: "Hemelse Vader, ek bid vir hierdie dierbare ou man." Ek het na hom gekyk, hierbuite in 'n visioen gestaan, voor my, hy kon . . . reguit na my gekyk. O goeiste, daar is niks wat dit gaan stop wanneer daardie visioen kom nie. Ja, meneer.

41 Ek het gesien hy kon sien, ek het hom net weggetrek van my af soos *daardie*, en hy het geskree: "Gloria a Dios!" Dit beteken "Glorie aan God." Daar kon hy net so goed soos ek sien. En die volgende aand was daar 'n hoop tjalies en hoede wat omtrent drie-voet hoog en omtrent—omtrent vyftien, twintig treë lank was. Hoe hulle ooit geweet het aan wie dit behoort het, weet ek nie, net opgestapel om oor gebid te word.

42 Toe ek op die platvorm gekom het, het Billy, my seun, vir my gesê . . . Ons het pas begin preek. Broer Espinoza . . . Ek het opgestap . . . Ek . . . Ons het net drie aande gehad, al wat ons daar kon wees. En ek het gesê: "Nou, ek gaan vanaand praat, soos ek gisteraand gedoen het, om julle almal te vertel wat Jesus was, en julle het Hom sien uitgaan deur die gehoor, julle het Hom die sig aan die blinde sien herstel. Kyk, wat daar lê, wat 'n hoop ou krukke, en stoele, en dinge waarin die mense gesit het."

43 Ek het gesê: "Dit wys dat hulle geloof in die herrese Here dit gedoen het." En ek het gesê: "'Nou, geloof is die vaste vertroue van dinge waarop gehoop word, die bewys van die dinge wat nie gesien kan word nie.'"

44 En Billy het na my toe gekom, hy het gesê: "Pappa, ek het amper driehonderd plekaanwysers aan *hierdie* kant," en hy het gesê: "hulle kan nie 'n klein vroutjie keer nie." En gesê: "Sy is net omtrent *so hoog*, jong vrou," gesê: "sy het 'n dooie babatjie, en sy het daarbuite in daardie reën gestaan." En gesê: "Mañana het haar nooit gegee . . . "

45 Mañana, die woord *mañana* beteken "môre," en hy was so stadig dat ek hom "môre" genoem het. Sien? Hy was veronderstel om my te kom haal, hulle sê om vyfuur, en hy het omtrent agt-dertig of nege-uur daar aangekom. Sien? En ek het hom Mañana genoem.

46 Hy het gesê . . . Hy het gebedskaartjies uitgedeel, Billy moes net kyk dat hy nie een verkoop nie. Julle sien? Dis waarvoor ons moet dophou, nie . . . 'n Persoon wat gebedskaartjies uitdeel het 'n verantwoordelike werk, en dis waarom ek my eie seun hulle laat uitdeel, want mense . . . kan iets wees wat verkeerd gedoen word. En so toe, het hy hom net dopgehou, en hy het die gebedskaartjies uitgedeel.

47 En gesê: "Hy het al die gebedskaartjies uitgedeel, en hierdie vroutjie het nie een gekry nie." En gesê: "Daardie mense het al gestaan . . . " Net so ver as wat jy kon sien rondom daardie bul-arena daar, met 'n . . . heeldag daar gestaan, van nege, of, agt, of nege-uur daardie oggend af, toe hulle die hekke oopgemaak het,

en hierdie was omtrent nege-dertig daardie aand, miskien kwart voor tien.

48 En gesê: "En daardie vroutjie het deur daardie plekaanwysers geklim, sy het dooie babatjie wat toegedraai is in 'n kombers, sy wil hê jy moet daarvoor bid." En gesê: "Sy klim bo-oor hulle skouers, hardloop tussen hulle bene deur." En gesê: "Ons moet net daarnatoe gaan en haar van die platvorm afskop," sien, want ek kan haar nie hier laat opkom sonder 'n gebedskaartjie nie, want dit sal 'n oproer veroorsaak, julle sien, want daardie mense het so lank daar gestaan en wag vir 'n gebedskaartjie.

49 En Broer Jack Moore, baie van julle almal sal hom miskien ken, van Shreveport, Louisiana, party van julle mag al van hom gehoor het, hy's 'n baie goeie man, hy was op die platvorm saam met my, ek het gesê: "Broer Moore, daardie vrou sal my nie ken nie. Gaan soontoe en bid vir die babatjie, waar dit ook al is daar oorkant, en sy sal nooit die verskil ken nie."

Hy het gesê: "Goed, Broer Branham."

50 Hy het begin gaan, en ek het gesê: "Nou, Broer Espinoza, tolk." Ek het gesê: "Soos ek gesê het: 'Geloof is die vaste vertroue van dinge waarop gehoop word, die . . . '" En ek het gekyk, en net hier, voor my, het daar 'n klein Mexikaanse babatjie gesit. Dit was 'n klein donkerbruin gesiggie, en dit het vir my gelag, dit het geen tande gehad nie, net sy klein tandvleisies wat wys, net hier reg voor my.

51 Ek het gedink: "Wonder of dit daardie babatjie is." En ek het gestop, ek het gesê: "Moenie tolk nie." Ek het gesê: "Broer Moore, wag 'n bietjie." Ek het gesê: "Billy, maak 'n pad en bring daardie vrou hier, na die platvorm toe."

52 En so het hulle die vroutjie opgebring, en sy het opgekom, sy het neergeval op haar knieë, begin skree: "Padre! Padre!" Dit beteken "vader," sy was Katoliek, sien: "Padre! Padre!"

53 En ek het haar aan die hand geneem, ek het gesê: "Staan op, staan op." En sy het haar klein—klein stywe babatjie uitgehou, omtrent *so* lank, onder 'n kombers, net sopnat. O, dit het net heeldag gestortreën, en dit was baie nat. En ek het gesê: "Ken Engels?"

En sy het aanhou sê: "Padre! Padre!" En Broer Espinoza het vir haar gesê om stil te bly.

54 En so het ek my hand opgelê, ou klein kombersie soos *daardie*, daardie klein stywe, koue, vormpie. Ek het gesê: "Hemelse Vader, ek wil nie hê . . . Ek weet U hoef nie te genees om Uself te bewys nie, U genees om U Woord te vervul." Ek het gesê: "Ons weet almal dat U God is, maar net 'n oomblik gelede het daar 'n visioen voor my gekom, soos U weet, 'n klein babatjie. Was dit hierdie babatjie, Vader? As dit nie was nie . . . "

Omtrent daardie tyd, gegaan "Whaah, whaah," sy klein voetjies begin skop soos daardie, en daar was dit lewendig. En toe . . .

55 So ek het vir Broer Espinoza gesê, ek het gesê . . . En sy het net begin skree en agteroor geval soos *daardie*. En—en so ek het gesê . . . Pragtige dametjie, net 'n klein dingetjie, miskien omtrent in haar twintigs, waarskynlik haar eerste babatjie.

56 En so ek het gesê: "Broer Espinoza, nou, jy moet nou niks daaroor sê nie. Sien? Want, eerste ding, laat 'n hardloper saam met die babatjie gaan, en vind uit van . . . Laat haar dokter die verslag onderteken. Sien? Want ons wil niks hê wat . . . " Dit—dit moet waar wees. Sien? Jy wil niks hê . . . Iemand enigiets lees, wil jy hê dit moet die waarheid wees, dit moenie iets verkeerds wees nie, want dit sal nie reg wees voor God nie.

57 En so, dit het gegaan, en die dokter het die verslag onderteken dat die babatjie gesterf het aan longontsteking, daardie oggend, om nege-uur in sy kantoor. En dit was om tien, omtrent tienuur daardie aand, was al daardie tyd dood, en woon vandag in Mexiko, gesond en gelukkig, sien, omdat Christus lewe, Christus lewe. En wat verg dit? Eenvoudige geloof.

58 Ek het vir julle pastoor, Broer Eddie Byskal, gesê, ek het vanaand vir hom gesê, of, vanmiddag toe ek met hom gepraat het, ek het gesê: "Dis baie jammeer dat ons nie die volle ses weke gehad het nie," ons het opgekom met die kus: "om reg hier onder die mense te wees."

59 Hy het gesê: "Broer Branham," gesê: "dis nie eens een derde van die Indiane nie," hy het gesê: "hulle is kommersiële vissermanne, en hulle is oral buite op hierdie eilande en daarbuite langs."

60 Ek het gesê: "O, goeiste. Hoe graag ek in 'n bootjie sou wou klim en van eiland tot eiland onder hulle gaan." Nie net dit nie, maar ek het gisteraand opgelet, in die diens, party van julle Swede, en Noorweërs, en Duitsers wat daaragter sit, Kanadese, wonderlike geloof. God seën julle. Julle is wonderlike mense. Ons het 'n groot Verlosser wat ons almal liefhet.

61 En ek—ek is hier . . . Ek kan julle nie genees nie, as ek julle kon genees, sou ek dit doen, sien, julle weet ek sou dit doen. As ek kon neem . . . As om julle te kan genees, as ek 'n—'n kwart, vyf-en-twintig sent-stuk kon neem, en dit op die grond kon neersit, en dit op-en-af in hierdie straat kon stoot, heeldag lank, met my neus, en dan sien dat julle genees word, sou ek dit doen. Nou, God ken my hart, *hier* is die Bybel, en dis reg, ek sou dit doen. Maar dit sou nie help nie. Sien? Maar die . . . En nou as iemand ooit verbykom en sê: "Ek kan jou genees," moet julle dit nie glo nie, sien, want selfs medisyne genees nie. God is die enigste Geneser wat daar is: "Ek is die Here julle God wat al julle krankhede genees."

62 Toe hierdie klein Kanadees, Donny Morton, julle het die storie in *Reader's Digest* gelees, toe hulle hom die al die pad soontoe gebring het, so spasties en opgetrek dat John Hopkins, Mayo Broers, en almal, hom weggewys het. En hy het afgekom na Costa Mesa, en was in die diens, en die Heilige Gees het gespreek. *Reader's Digest* het geskryf, gesê: "Die," gesê: "Die evangelis het nie die seun gevra nie, hy het vir die seun gesê wie hy was, vir hom gesê wat hy gedoen het, en waar hy vandaan gekom het, en wat daarvan, en hy is genees," julle sien.

63 En toe ek ingeroep was na Mayo Broers vir, onderhoud daaroor, en hulle gesê het . . . Ek het gesê: "Wel, ek . . . " Hulle het nooit Mayo Broers se naam daar gesit nie, maar hulle . . . daar het hulle die *Reader's Digest* gehad, en dit was die vader wat dit gesê het, maar natuurlik kon die skrywer nie dit gesê het van 'n—'n hospitaal, en wat dit gesê het nie.

64 Baie groot . . . As julle die artikel lees, gesê baie van die groot klinieke deur die Verenigde State en Kanada het hom weggewys, en 'n spastiese, opgetrekte, naam was Donny Morton, Oktober se *Reader's Digest*, omtrent vier jaar gelede. En toe, het hy gesê hierdie klein ba- . . . hierdie klein seuntjie omtrent agt jaar oud . . .

65 O, dis 'n patetiese storie, hoe hierdie Kanadese broertjie afgekom het op 'n slee. Hy het gesê hy het 'n paar doofstom meisies geken wat na my diens toe gebring was vantevore, en die Here het een genees. En een van hulle is 'n sangeres in die kerk, en die ander een is 'n telefoon-operateur. So was albei doofstom.

66 So hy het gesê: "Ons is nie verslaan nie, Donny. Kom ons gaan en . . . " Vertel . . . En die ma-hulle het gedink hulle kan miskien vyftig dollar neem, en almal van hulle na die Verenigde State toe kom, en vir Donny na die diens toe vat, en alles. Dit sou nie eers een van hulle se reis per vliegtuig betaal nie. Hulle moes met 'n bus kom, kon nie eers met die trein kom nie, en toe hulle daar kom, moes hulle Reisigers Hulp neem om daar uit te kom, na waar die diens was.

67 En die Heilige Gees het vir hom gesê wie hy was, waar hy vandaan gekom het, ensovoorts, klein krom vader, wat sy babatjie vasgehou het. En so . . . Toe het dit hom presies vertel wat sou gebeur. Die Here het die kind genees tot die eer van God. En toe hulle 'n onderhoud gevoer het daaroor, het hulle by Mayo Broers gesê: "Eerw. Branham, ons maak nie aanspraak om genesers te wees nie, ons maak net aanspraak om die natuur te help, daar is een Geneser, dit is God." Dis die beste, is dit nie. Sien?

68 Die dokter kan 'n arm spalk waar dit gebreek het, maar hy kan dit nie genees nie. Die dokter kan 'n tand trek, maar hy kan nie genees waar dit uitgekom het nie. Hy kan 'n blindederm uitsny, maar wie gaan genees? Sien, daar's geen medisyne wat

selle sal bou nie, selle is—is groei. Sien? En niks kan dit genees nie, niemand kan nie. En om groei te hê is die vermenigvuldiging van selle, wat skepping is, en daar is een Skepper, dit is God. Sien? En Hy moet daardie plek aanmekaar sit, daardie been las. Die dokter kan dit spalk, maar, julle sien, hulle . . . moet . . . Dit verg kalsium, kalium, ensovoorts, om in daardie been in te gaan om dit aanmekaar te las.

69 Nou, as ek my motor hierbuite geswaai het, of daarmee gelol het en my arm gebreek het, en ek het by 'n dokter ingehardloop, gesê: "Dok, jy's 'n geneser, genees my arm net gou, ek wil klaarkry met my motor."

Hy sou sê: "Jy het verstandsgenesing nodig, seun." Dis reg.

"Wel, as jy 'n geneser is, genees my arm." Hy's nie 'n geneser nie. Sien?

Hy sê: "Ek kan jou arm spalk, God moet dit genees."

70 So dan . . . Sien? Die Skrif is altyd reg: "Ek is die Here, Wat *al* jou krankhede genees." Dis reg. Ons is dankbaar vir hospitale, en medisyne, ensovoorts, hulle help die natuur, maar hulle genees nie. Nee, hule is nie genesers nie, God is die Geneser, die Skrifte kan nie lieg nie. Sien?

71 Nou, ek reken dis hoekom ek soveel tyd neem, julle is so gaaf, ek kan net staan, en praat met julle, en daar het julle dit. Maar weet julle wat? Ek nie . . . Ek gaan net verby hierdie keer, ek het net 'n klein tydjie om by julle te wees. Maar ek wil 'n afspraak met julle maak. Kan ek dit maar doen, almal van julle? Na ons die rivier oorsteek, aan die ander kant, en ons word weer jong mans en vroue, wil ek—wil ek 'n duisend jaar lange afspraak met elkeen van julle hê.

72 Ons sal gaan sit langs die immergroen bome, en daar gaan sit en praat, en daar sal Abraham verbykom, en ons sal ons hand uitsteek en handskud met Abraham, en Daniël sal verbykom en ons sal handskud met hom, en rondspring, 'n bietjie skree, en weer gaan sit, en net praat oor Port Alberni toe ons die dienste hier gehad het. Nou, dit klink, vir sommige mense, of dit fiksie mag wees, maar dis die waarheid. Amen. Dis net so waar as wat dit kan wees.

73 Nou, voor ons vir die siekes bid, of wat ons ook al doen . . . En nou, ek wil hê julle moet weet dat Goddelike genesing, ons dit nie ons groot houvas probeer maak nie. Doktor F. F. Bosworth, 'n goeie vriend van my, wat net so pas Hemel toe gegaan het, 'n baie ou man, baie van julle het al gehoor van Fred Bosworth, hy was 'n goddelike, heilige, ou man, en hy het gesê: "Goddelike genesing is net soos om te gaan visvang," gesê: "jy wys nooit vir die vis die hoek nie, jy wys vir hom die aas. Hy gryp die aas en kry die hoek." So dis . . .

74 So—so omtrent agt-en-sestig persent van Jesus se bediening was oor Goddelike genesing, dit trek die aandag, van iets Bonatuurliks wat gedoen word, en dan glo die mense in 'n magtige God, dit doen dit, julle sien. So Goddelike genesing is 'n bysaak, en jy kan nooit 'n bysaak die hoofsaak maak nie. Dis reg, Mev. Byskal, nie waar nie? Dis reg. Jy kan nooit 'n bysaak die hoofsaak maak nie.

75 So ons moet onthou dat hierdie hier net iets is. . . Nou, my regte manier om dit te beskou. . . Nou, ons het groot manne in die wêreld vandag, groot manne, Tommy Osborn, en—en (O, wie almal?), Oral Roberts, en daardie manne, en julle het groot manne deur Kanada hier, wat verbykom, met gebed genees, hande op die siekes lê. O, ek respekteer dit. O, goeiste. Hulle is manne van God, groot geloof om aan vas te hou.

76 Maar iemand het vir my 'n brief geskryf, toe ek eers begin het, hy het gesê: "Broer Branham," goeie kritiek, en ek waardeer dit, dit laat jou weet waar jy staan, solank mense nie, julle weet, o, regtig gemeen daaroor raak nie, net 'n broer wil wees en vir jou sê waar jy verkeerd is, en ek waardeer dit. Ek bewonder altyd kritiek, solank dit—dit reg is. En toe, het hierdie man gesê: "Jy weet, Broer Branham," hy het gesê: "Oral Roberts sal vir vyfhonderd bid terwyl jy vir twee bid." Hy het gesê: "Jy is die stadigste man wat ek al ooit gesien het."

"Wel," ek het gesê: "dis—dis waar," teruggeskryf vir hom.

77 Maar hy het gesê: "Broer Roberts kan daarbo staan, en hande op hulle lê soos *daardie*, en vir hulle bid soos hulle deurgaan, en vir hulle bid soos *daardie*, en hier staan jy steeds en werk met een." Sien?

78 Ek het gesê: "Maar jy sien, God het vir Broer Oral Roberts 'n manier gegee om vir die siekes te bid, en Hy het vir my 'n ander manier gegee om vir die siekes te bid. En Broer Oral Roberts doen dit op sy manier wat God vir hom gesê het om dit te doen, ek doen dit op die manier wat God vir my gesê het." Dis reg.

79 Ek het gesê: "Nou, hier's wat dit is, wanneer jy kyk. . . Wat, byvoorbeeld, as jy groot geloof het," Laat ek net iets sê. Gewoonlik kom hulle wat dit mis, in. "Nou, sê byvoorbeeld, ons het groot geloof, en hier staan 'n man op die platvorm, wat 'n wonderlike tyd het en staan en skree, en die heerlikheid van God oral." En ek het gesê: "Nou, miskien het hierdie man 'n bietjie geld gesteel, hy het verkeerd gelewe, miskien onsedelik saam met 'n vrou gelewe, of hy het 'n moord gepleeg of iets, dat God hierdie siekte op hom geplaas het." Julle weet, God gebruik siektes as swepe om ons na Hom toe te bring. Glo julle dit? Dit is beslis, die. . . kyk na Job, die tugtiging van die Here.

80 Nou, julle moet oplet, profetiese gawes kan jou in die moeilikheid laat beland. Dit kan beslis. Nou, wat as hierdie man iets boos gedoen het, en ek staan daar, yslike groot, wat

ons in Amerika noem, bulhond geloof, en kry hom beet en sê: "Halleluja, halleluja! Los hom uit, Satan. Glorie aan God," en ek haal daardie siekte van hom af, en God het dit op hom geplaas vir 'n doel? Ek's in die moeilikheid by God. Sien julle wat ek bedoel?

81 Miskien begryp julle dit nie. Wag, laat ek vir julle 'n bietjie Skrif gee, ek weet julle sal nie die Skrif betwyfel nie. Hier, kom ons vat vir Moses. Hoeveel glo Moses was 'n profeet, 'n groot profeet? God het vir Moses gesê: "Gaan soontoe en spreek die rots aan." En Moses het daar afgegaan en gedoen wat God hom gesê het om nie te doen nie, hy het die rots geslaan. Hy het dit die eerste keer geslaan, maar God het vir hom gesê om dit aan te spreek, en die rots was Christus. Hy is eenkeer geslaan, dit het gespreek van die—die swakheid van die Bloed van Christus toe, by die . . . En Moses het dit die eerste keer geslaan, daar het water voortgekom, toe het hulle weer uitgeroep, en aanhou uitroep vir nog water en iets anders, en God het vir hom gesê om af te gaan en die rots aan te spreek.

82 Maar hy het dit geslaan, die waters het nie gekom nie, en hy het dit weer geslaan. Hy het krag gehad om dit te doen, hy was 'n profeet. En die waters het voortgekom. Dis reg. Wat het God gedoen? Gesê: "Kom op hiernatoe, Moses." Gesê: "Sien jy die land daar oorkant? Jy gaan nie in nie, jy het My nie gehoorsaam daaronder by die rots nie." Julle onthou die storie, nie waar nie? Hy het mag gehad om dit te doen, maar hy beter dophou hoe hy daardie mag gebruik.

83 Kyk na Elía, hy was kaalkop, en hy het in die pad afgekom, en 'n paar kindertjies het begin sê: "Ou kaalkop, ou kaalkop, hoekom gaan jy nie op soos—soos Elía het nie?" hom bespot. Nou, dit was alles reg, daardie klein kindertjies, hulle het nie . . . miskien—miskien was dit hulle ouers wat hulle geleer het om dit te doen, hulle was kleintjies. Hulle het hierdie profeet bespot, maar hulle het hom kwaad gemaak, en hy het omgedraai en 'n vloek op daardie kinders geplaas, in die Naam van die Here, en twee wyfiebere het uit die woude uitgekom en twee-en-veertig klein, onskuldige kindertjies opgevreet.

84 Nou, dit klink nie, na die geaardheid van die Heilige Gees nie, nie waar nie? Nee, daardie klein kindertjies dood te maak nie. Sien? Maar 'n kwaai profeet! Sien? Hy het daardie kinders vervloek, moes erken word, want hy was 'n profeet. Sien? So jy moet dophou.

85 Let op, in daardie ry, ek sien wat die probleem, die persoon is, sê hulle, hou dan dop, kyk wat hulle gaan sê of doen; sien wat Hy vir my sê om te doen. As daar iets daar verkeerd is, bly dit steeds swart en donker en koud, ek sê: "Gaan, en die Here seën jou." Maar dan as dit nie is nie, en ek sien dat dit gedoen word, sien hulle in die toekoms, dan sê ek: "SO SPREEK DIE HERE," julle sien. Dan sal julle sien dis alles reg dan, dit sal gebeur.

Nou, bid net, glo, en eendag hoop ek om terug te wees by julle, sodat ons 'n lang tyd bymekaar kan bly, so, as die Here wil.

86 Nou, ek wil 'n bekende teksie uit die Skrif lees, en dit word gevind in Mattheüs in die 12de hoofstuk, en vanaf die 41ste vers.

> En *die manne van Ninevé sal in* die *oordeel* opstaan *saam met hierdie geslag, en dit veroordeel: want hulle het hulle op die prediking van Jona bekeer; en, kyk, meer as Jona is hier.*
>
> En *die koningin van die suide sal in die* gesla-. . . in *die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel: want sy het gekom van die uiteindes van die aarde af om die wysheid van Salomo te hoor; en, kyk, meer as Salomo is hier.*

87 Nou, wil ek graag vir 'n onderwerp neem: *Meer As Salomo Is Hier*. *Meer As Salomo Is Hier*. En vir 'n teks: "Herkenning van God Se Gawes En Tekens." Nou, mag ons bid.

88 Ons Hemelse Vader, ons het pas uit U Woord gelees, en U is die Woord, en U was nog altyd die Woord. En nou, dank ons U dat ons die geloof het om te weet en te glo dat alles net presies volgens skedule verloop. Vanaand, is hierdie diens net presies op tyd, en die wêreld en al sy prestasies is net presies op tyd.

89 En, O Vader, toe ek deur die Wêreldskou gegaan het 'n paar dae gelede, gekyk het na die prestasies wat die mens behaal het, en hoe hy vooruitgegaan het. Hoe die mense van om die wêreld vergader het om te sien wat die wêreld gedoen het, hulle beste gevind het wat hulle gedoen het, Duitsland, Engeland, Switserland, reg rondom die wêreld het vertoon waarop hulle kon verbeter.

90 En dan, Here, kom ons na hierdie stadjie toe, ver hieragter in Port Alberni, waar party geïsoleerde Indiane van die eilande, wat weet om God te dank vir 'n visvangs, eerlik en opreg, wat op die berg kan staan en die sonsondergang dophou en huil, God prys wanneer die voëls in die oggend wakker word en begin sing, en God in die natuur kan sien, en Hom kan hoor skree in die seemeeue, en hom sy groot vlerke sien klap in die lug.

91 Maar ons het hier vergader vir 'n geestelike wêreldskou, om te sien wat God in staat was om te doen met Sy Kerk deur die eeu, hoe Hy gekom het van—van belydenis tot gawes, en tekens, en praat in tale, en wonders, en nou reg tot by die laaste teken. God in Sy groot saak, om vir die wêreld te wys wat Hy in staat was om met Sy mense te doen. En ons is so bly om verteenwoordig te wees vanaand, Here, onder 'n groep mense wat is. . . dit glo, en opreg is, en oral heen rondreis om die goedheid van God te vind.

92 Nou, Hemelse Vader, seën U Woord, seën U mense oral. Red die verlorenes, Here, O God, hulle moet eendag gaan, ons weet.

93 En ek vertrou, Here, dat vanaand, dit sal gebeur dat ons die soort Heidene sal wees vir wie Jesus bewonder het. Ons lees in die Bybel waar Jaïrus, sy dogtertjie siek, sterwend, gelê het, en hy gesê het: "Kom, lê U hande op die kind, en sy sal gesond word." Maar toe die Romein, Heiden, hy gesê het: "Ek's nie waardig dat U onder my dak kom nie. Spreek net die Woord, en my dienskneg sal lewe." Toe het U omgedraai, en na Israel gekyk, en gesê: "Ek het in Israel nie sulke geloof gevind nie."

94 Nou, Vader, ons probeer nie hande op die siekes lê nie, dat wanneer ek vertrek hulle nie sal sê dat "'n *sekere* broer verbygekom en hande op my gelê het nie." Maar ek, Vader, ek bid dat hulle kan sien dat my motief, in my hart, en die doelwit van U Woord wat ek vir hulle probeer bring, dat hulle Verlosser, Jesus, met hulle is. Hy is ewiglewende, Hy is lewendig. Tweeduisend jaar van kritiek en koudheid kon Hom nie doodmaak nie, Hy is steeds lewendig reg in ons midde, vanaand.

95 En laat die mense Sy Teenwoordigheid sien, Hom sien werk, nie wag vir iemand om hande op hulle te lê nie, maar deur geloof die herrese Christus glo, en hulle genesing en hulle verlossing ontvang. Oral op-en-af in die eilande gaan, getuig soos die dametjie waarvan ons gisteraand gepraat het, by die stad van Sigar, en oorkant in die land van die Samaritane. Skenk dit, Here.

96 Ons is U dienaars, wat onsself nederig toewy saam met hierdie teks, vanaand. Spreek, Here, ons is in U hande, maak met ons soos U dit goed vind. In Jesus' Naam vra ons dit. Amen.

97 Nou, in hierdie dienste (vir die predikers), het ek probeer om dit baie eenvoudig te hou, net die boodskap en . . . van genesing, sodat ons ons Here kan dophou. Nou, baiekeer gaan die mense rond, julle weet, en dis net menslik, hulle sê: "O, Broer *So-en-so,* halleluja, dink julle nie hy het 'n gawe van God nie? Hy het hande op my gelê. Halleluja!"

98 Nee, dit was jou geloof wat dit gedoen het. Sien? Dit was jou geloof, nie die broer se hande nie. Dit was jou geloof, sien, want as daar genesing in 'n sekere man se hande is, wat het dan van Golgota geword? Daar is waar *Hy* die prys van ons genesing betaal het. Dis ons individuele geloof in Sy voltooide werk. Enige mens weet dit. Julle sien? Nou, daarom, het ek nie gekom, om te probeer sê: "Kom ons kom almal op en laat . . . lê hande op hom," nie. Ek probeer hierdie sê om julle geloof op te bou.

99 Nou, en een van julle . . . Wat as een van julle Indiaanse broers of susters, siek sou word daar ver buite in een van daardie eilande? Julle dink: "Wel, ek's arm, het geen geld nie. As ek kan afgaan na die State, daar ver afgaan na Broer Branham, daar ver oorgaan na Oral Roberts . . . " Wel, miskien Broer Roberts, sou jy waarskynlik maande neem om in te kom.

100 Ek het driehonderd wat nou daar op 'n waglys is, van regoor die wêreld, maar dis vir privaat onderhoude. Sien, toe ons daar inkom, vat ek 'n geval soos daardie, ons los dit nooit nie, ons los dit totdat God openbaar het. Dit verg God om te openbaar wat hy moet doen, wat hy gedoen het, ensovoorts soos daardie. Nou, daardie is privaat onderhoude, dis iets in die lewe. Ons het die plan uitgelê in die Bybel *hier*, maar die privaat lewe van dinge, o, dit sou jare neem, ek kan volumes boeke skryf oor wat ek Hom al sien doen het. En nie een keer het dit al ooit gefaal nie. Nie een keer faal dit ooit nie. Vra net vir enigiemand op enige plek, dit faal nooit. Dit kan nie faal nie, dis God. Daar's een ding wat God nie kan doen nie, Hy kan nie faal nie. Hy kan nie faal nie.

101 Nou, glo nou. Nou, Jesus het daardie geslag bestraf dat hulle nie Sy teken geglo het wat Hy aan hulle bewys het dat Hy die Messias was nie. Nou, ons het dit gisteraand geneem, oor hoe Hy die Messias was omdat Hy die Woord was. Is dit reg? Nou, *Messias* beteken "die Christus, die Gesalfde." En dan moes Hy die Koning wees, die God-Profeet, en hier was die Gees in Hom. Nou, onthou diegene wat regtig by die Skriftuurlike lering gebly het, hulle het Hom herken, maar diegene wat afgegaan het saam met die ander kerk in hulle tradisies, hulle het dit gemis. Sien?

102 En Jesus het vir daardie leraars gesê, Hy het gesê: "Julle, met julle tradisies, vat julle die gebooies van God, en maak hulle kragteloos." Nou, wat sou hulle vandag met tradisie doen? Deur te sê: "Die dae van wonderwerke is verby," dis hulle tradisie; "Daar's glad nie so-iets soos Goddelike genesing nie," dis tradisie, nie die Bybel nie. Ek kan vir enigiemand wys waar God Sy Kerk verordineer en dit opdrag gegee het om "vir die hele wêreld, vir elke skepsel. En vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Nou, ek wil hê iemand, moet vir my 'n stukkie Skrif wys waar Hy dit weggeneem het uit die Kerk, dis nie daar nie. Dis steeds in die Kerk, dis die tradisies wat dit verdraai het.

103 En dis hoekom hulle nie vir Jesus herken het nie, omdat hulle tradisies weggedraai het en sommige gekry. . . Hulle het gedink die Messias sou kom, en sonder twyfel het hulle 'n tempel gebou, en gesê: "Hy sal afkom uit die gange van die Hemel, hulle sal speel met die Engele-orkes, en Hy sal so inkom." En wat was Hy? Gebore in 'n krip, in 'n—'n skuur waar daar koeie en diere was, in 'n klein strooikissie, en was veronderstel om 'n buite-egtelike geboorte te wees, Sy moeder en vader nie getroud nie. Al. . . O, goeiste. Die duiwel het 'n—'n verskriklike prentjie geskilder van Hom.

104 En hulle het gesê: "'n Man soos daardie? Nee. Van watter skool af het hy gekom? Waar het hy sy opleiding gekry? Wel, sy pappa was 'n skrynwerker, en dan sê hy is die Seun van God." Sien, hulle kon dit nie glo nie. Maar tog, was Hy so 'n fenomeen dat hulle nie kon ontken dat dit daar was nie, en toe het hulle net gesê: "O, hy is van die duiwel." En dis dieselfde ding vandag,

hulle klassifiseer dit op dieselfde manier, want wysheid word geregverdig deur haar kinders.

105 Het julle geweet. . .? Soos ek gisteraand 'n opmerking gemaak het, ek het dit oor die gehoor voel trek, dit het soort van 'n vreemde gevoel gehad toe dit teruggekeer het, maar toe ek gesê het: "Geleerdheid was die merk van die antichris deur al die eeue heen." Geleerdheid is die grootste vyand wat die Evangelie ooit gehad het. Luister, ek's van die onderwerp af, maar net 'n oomblik. Kom ons vat net die geslag: Daar was Kain en Set, Abel is doodgemaak en Kain is in sy plek gebring, dood, opstanding van Christus. En Kain se kinders was almal slim, intelligent, wetenskaplikes, regdeur tot die dae van Noag. En Set se kinders was nederig, boere, skaapboere, kleinboere die hele tyd. En dit was nog altyd so. Sien?

106 Toe Jesus gekom het, die Fariseërs, en Sadduseërs, en leraars, kyk waar was hulle. Godsdienstig? O! Heilig? Goeiste, jy kon nie 'n vinger op hulle lewe plaas nie, maar julle sien, hulle was ongelowiges. Enigiets wat een punktuasie van God se Woord betwyfel, is 'n ongelowige. Ek gee nie om hoe godsdienstig jy is nie, Satan is ook godsdienstig, jy moet die Woord glo. En as jy die Heilige Gees het, sal die Heilige Gees elke Woord met 'n. . . elke sin met 'n "Amen" beklemtoon. Sien? Dit sal nooit Daarvan wegneem nie, Dit sal Dit glo. Sien?

107 So toe Jesus gekom het, waar het Hy Sy dissipels gekry? Het Hy na Kajafas toe gegaan, nou gesê: "Waar is die slimste groep wat jy het?" Hy het by daardie verbygegaan, hulle sou Hom nie geglo het nie. Waarnatoe het Hy gegaan? Hy het gegaan en die Indiane van daardie dag gekry, die vissermanne onder op die rivier, dis presies reg, manne wat nie eers hulle eie name kon skryf nie. Die Bybel het gesê dat Petrus en Johannes beide onkundig en ongeleerd was. Dis reg. Maar hulle kon 'n man genees by die Skone poort in die Naam van Jesus Christus, en dit het God behaag om 'n man, wat nie sy eie naam kon skryf nie, die sleutels tot die Koninkryk te gee, te sê: "Wat jy dan ook al op aarde bind, dit sal Ek in die Hemel bind."

108 Waarom speel geleerdheid so 'n rol vandag, om die mense weg te draai van God in plaas van om hulle na God toe te bring? Paulus, julle sê: "Wat van Paulus?" Maar wat het Paulus gesê? Hy moes alles vergeet wat hy ooit geweet het, en hy het gesê: "Ek het nooit na julle toe gekom met die wysheid van die mens, met groot bekoorlike woorde nie, maar. . . dat julle geloof daarop gebou sou word nie, maar ek het na julle toe gekom in die krag van die Gees, dat julle geloof sou wees in die opstanding van Jesus Christus."

109 [Leë kol op band—Red.]. . . en het vir hulle gesê, hulle bestraf omdat hulle Hom nie geglo het nie, Hy het gesê: "As Ek nie die

werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie." En hier het Hy vir hulle vertel.

110 Nou, onthou, God het, in alle eeue, altyd die bonatuurlike gedoen, want Hy is bonatuurlik. Het julle al ooit gedink wat God was? Laat ek julle net 'n klein prentjie nou gee, voor ek gaan. O. Nee, ek sal geseën word en sal nie kan nie. Ja, ek is, ek gaan dit in elk geval probeer.

111 In die begin, voordat daar nog enigiets was, was Dit God. Voor daar 'n meteoriet was, voor daar 'n lig was, voor daar 'n atoom was, voor daar 'n molekuul was, was Hy God. Maar Hy kon nie. . . Hy was die groot beherende Krag van alles. En Hy was, alles in Hom.

112 Nou, in Hom was daar eienskappe. Julle weet wat eienskap beteken? Steek jou hand op, enigiemand wat weet wat eienskap . . . sekerlik, julle weet wat 'n eienskap is, iets wat, dis in jou, dit—dit moet ditself uitdruk. Soos, 'n eienskap . . . Soos wat jy van die natuurskoon hou, en wanneer jy daardie natuurskoon sien, iets, dit net, o, goeiste, verheug dit jou net.

113 Nou, in God, Hy was nog nie God nie, want *God* is "'n Voorwerp van aanbidding," en daar was niks om Hom te aanbid nie, Hy was God, maar Hy was nie God op daardie manier nie. Toe moes Hy Engele geskape het, toe het hulle Hom begin aanbid. Volgende, het Hy 'n eienskap gehad om 'n Vader te wees; volgende ding, het Hy 'n eienskap gehad om—om 'n Seun te wees; volgende ding, het Hy 'n eienskap gehad om 'n Geneser te wees; volgende ding, 'n eienskap om 'n Verlosser te wees. Sien? En al hierdie goed moes hulleself vertoon. Sien? En God, om 'n mens te laat sondig, sodat Hy hom kon straf? Nee. En Hy het hom op die grondslag van vrye morele agentskap geplaas, en die mens het self gesondig, en so daarom het God toe 'n Verlosser geword. Sien?

114 So dis maar net die eienskappe van God wat hulleself vertoon wat ons sien, en alles is presies betyds, elke gawe, alles beweeg net presies volgens die tik van die horlosie, sien, sy's net daar.

115 Nou, Jesus in Sy tyd, het Hy gekom om die eienskappe van God te vertoon, in Hom was God gemanifesteer in Hom. Let op. Nou, Hy het hierdie Messiaanse teken getoon. Dit was ongelowig. En God het in al die eeue tekens gehad vir die mense, en nou, wanneer die mense daardie teken glo, was dit 'n goue eeu vir die mense, maar wanneer hulle dit nie geglo het nie, was dit chaos vir die mense. Reg. Nou, laat ek dit weer aanhaal, want ek gaan net nog 'n paar minute neem.

116 Kyk, wanneer God 'n gawe stuur, en die mense glo dit, is dit 'n wonderlike tyd vir die mense, maar wanneer God 'n gawe stuur, en die mense weier dit, gaan daardie geslag tot niet. Nou, let op. Wat as die wêreld vandag God se gawe sou ontvang?

117 Kom ons gaan vir 'n oomblik terug. Noag was . . . het gekom met 'n gawe van God as 'n profeet, wat gesê het daar was 'n storm

op pad wat die hele wêreld met water sou bedek. Nou, dit het nie ooreengestem met wetenskaplike idees van daardie dag nie. Onthou, hulle was groter wetenskaplikes toe as wat ons nou is, hulle het die piramide en die Sfinks gebou, en ons kon dit nie nou bou nie. Hulle het die liggaam gebalsem om dit natuurlik te laat lyk, selfs tot vandag, 'n mummie, ons kan dit nie maak nie. Hulle het kleurstowwe gehad wat ons nie kan kry nie, hulle was groter wetenskaplikes as wat ons vandag het. En nou, toe . . . Hulle kon waarskynlik radar na die maan toe ook skiet.

118 En Noag, hierdie man wat daarbuite gestaan het, nadat hy van God gehoor het, en gepreek het, geprofeteer het dat God die wêreld met water sou vernietig: "Dit gaan neerreën uit die hemele."

119 Wel, ek kan die wetenskaplikes daar hoor opkom, en sê: "Kyk, ons het 'n instrument waarmee ons tot reg by die maan kan skiet." Julle weet, dit het nog nooit gereën in daardie dae nie, God het die aarde benat uit die fonteine, was nog nooit enige reën in die hemele nie. Die aarde, wat agtertoe geleun het na die sondvloed vernietiging, veroorsaak die reën. So Noag het gesê dat dit van bo af sou reën, en die mense het dit nie geglo nie, wetenskap sê: "Daar's nie een druppel water daarbo nie, geen water nie. Hoe kon dit reën?"

120 Noag sou sê: "As God gesê het dit gaan reën, en daar gaan reën van daarbo af kom, is God in staat om reën daarbo te sit." Sien? Maar die mense het dit nie geglo nie. Eendag het sy gereën. Sien? En daardie ras, omdat hulle dit nie geglo het nie, is hulle vernietig, die hele wêreld.

121 Jare later, het daar 'n profeet gekom, met die naam van Moses, afgekom uit die woestyn, 'n Vuurkolom bokant hom. En hy het vir hulle die belofte van God gebring, vir hulle vertel dat God belowe het, deur Sy Woord, om hulle na 'n land te neem wat vloei met melk en heuning. En hy het hierdie Vuurkolom bokant hom gehad, en God het saam met hom gewerk om aan daardie Jode te bewys dat hy 'n profeet was.

Hy het gesê: "Môre, kry alles gereed, want 'n *sekere-sekere* ding gaan gebeur." En dit het net presies so gebeur, hy was 'n profeet.

122 Let op. Ek het gedink, nou die dag, hoe wonderlik dit vir Israel moes gewees het toe hulle dit gehoor het. Hulle het hom geglo. Let op, hulle was—hulle was slawe. Hulle—hulle—hulle het muwwe brood vir hulle uitgegooi, hulle het dit òf geëet, òf daarsonder klaargekom. As daardie Egiptenare hulle jong dogters wou neem en hulle molesteer, wat kon hulle daaraan doen? Niks. Gaan en hulle jong seuns neem, en hulle doodmaak, wat kon hulle daaraan doen? Niks. Hulle was slawe, en tog was hulle God se mense. Amen.

123 Let op. Nou, hier was hulle, God se mense in daardie soort toestand, en hierdie profeet het afgekom met SO SPREEK DIE HERE, volgens die Skrifte: "God, ons Vaders het Abraham ontmoet en vir hom gesê dat sy saad in 'n vreemde land sou vertoef vir vierhonderd jaar, dan sou Hy hulle uitbring met 'n groot belofte en krag. Hy sou hulle verlos, en hulle na 'n goeie land toe neem waar Abraham gebly het, en dit. . . die tyd is op hande."

124 Enige man kon dit gesê het, maar hierdie man het 'n Vuurkolom bokant hom gehad, en hy was 'n profeet, wat hy gesê het, het net presies gebeur soos wat hy gesê het. O, goeiste!

125 Israel het dit geglo. Wat het hulle gedoen? Hulle het uit Egipte uitmarsjeer, onder daardie Vuurkolom, op pad na 'n beloofde land wat hulle nog nooit gesien of niks van geweet het nie. En niemand van hulle was al ooit daar nie, maar hulle het gegaan omdat God se Woord hulle beveel het om te gaan, hulle was op hulle pos.

Ek hoop ek's nie te hard nie. Ek was gewoond om buite te preek en dinge. Net 'n oomblik. Let op. Ek sal 'n bietjie terugtree.

126 Let op, hulle het daardie profeet deur die woestyn gevolg, en God het hulle gevoed in die woestyn, Hy het in al hulle behoeftes voorsien, brood uit die hemele laat reën in die nag en hulle gevoed, en hulle geneem totdat hulle by 'n plek gekom het met die naam van Kades-barnea. Kades-barnea was, eenmaal, die oordeelsbank van die wêreld.

127 En hulle het 'n groot kryger by hulle gehad met die naam van Josua. En die woord *Josua* beteken "Jehova-Verlosser." Hy het uit die kamp uitgegaan, die Jordaan oorgesteek, niemand was nou nog ooit daar oorkant nie, hulle het nie geweet die land was daar nie, net deur die belofte van God, en hy het die Jordaan oorgesteek, oorgegaan in die beloofde land, en die bewys teruggebring dat die land net presies was wat God gesê het dit was. Sien? Dit was daar.

128 En dit was toe wat die mense, negentig persent van hulle, Josua nie geglo het nie, hulle moes 'n tydjie dwaal, maar God, wat die belofte gemaak het, Hy het hulle oorgeneem. Hoe pragtig. Hulle hoef nie onder Farao te gewerk het nie, hulle kon met hulle vroue trou, 'n huisie vir hulle op die plek bou, hulle eie kos en goed kweek, en dit eet, en hulle kinders in vrede grootmaak. Die nasies het hulle gevrees ensovoorts. En toe het die heuwels van daardie pragtige plek mettertyd vol grafte geword.

129 Toe het die grootste Kryger van hulle almal gekom, Jesus. En Hy het gesê dat God 'n Plek berei het waar daar geen dood is nie, amen, waar ons vir altyd kan lewe, huise kan bou en hulle bewoon, wingerde plant, die vrugte daarvan eet, en ons hulle nie vir iemand ander moet nalaat nie. Amen. "In My Vader se huis is baie wonings. As dit nie so was nie, sou Ek julle gesê het. En Ek

gaan om vir julle 'n plek te berei, en keer weer terug om julle na My toe te neem, dat waar Ek is julle ook daar kan wees." Hy het dit belowe, dat daar Lewe is na die dood. Nog 'n groot Josua, niemand was al ooit oor, en het teruggekom nie, net nog 'n groot Josua.

130 Let op. Toe, toe Hy by daardie plek gekom het, het Hy Sy Kades-barnea gehad, die oordeelsbank vir ons almal, Golgota. Dis waar Hy ge-oordeel was vir die sondes van die wêreld. Hy het die Jordaan van die dood oorgesteek, dat ons dit weet, oorkant na die ander land, gesterf. Hy het so gesterf dat die son ophou skyn het, die maan nie wou skyn nie, en tog, die aarde 'n senuweeskok gehad het toe die rotse daaruit geskud het, toe Hy gesterf het. En Hy het gesterf, maar op die derde dag het Hy teruggekom van oor die Jordaan, die bewys teruggebring dat 'n mens lewe na hy hier sterf. Wat 'n groot Kryger!

131 Nou, Hy het gesê: "Ek gaan vir julle die onderpand van julle verlossing gee." Weet julle wat die onderpand is? Is die deposito. Soos as ek 'n boot van een van julle Indiaanse broers sou wou koop, en ek het uitgegaan en gesê: "Hoeveel wil jy vir daardie boot hê?"

Jy sê: "Tweeduisend dollar."

132 Ek sê: "Wel, ek sê jou wat ek sal doen, ek gaan vir jou vyftig dollar gee om dit vir my te hou tot volgende week. Sal jy dit doen? Hou my . . . Sal jy dit vir my hou?"

133 "Ek sal dit doen, Broer Branham." Dan gee jy vir my 'n kwitansie, en ek gee vir jou vyftig dollar. Nou, jy kan nie daardie boot verkoop nie, want ek het die eerste bod daarop. Dis die onderpand dat ek die boot gaan kry, dit behoort aan my.

134 Wel nou, God het teruggekom, en gesê: "Gaan daar op na Jerusalem, en wag. Ek gaan vir julle die Onderpand van julle verlossing stuur." En hulle was almal daarbo in eendragtigheid in een plek, en skielik het die Onderpand gekom, afgekom uit die Hemel soos 'n geweldige rukwind, en die hele huis gevul waar hulle gesit het.

135 Nou, kyk hier, ons kan terugkyk en sien waar ons eers ongelowiges was. Ons sien waar ons eers 'n diens soos hierdie sou vermy en daarvoor gelag het. Ons sien eers, in die verlede in ons lewens, waar ons Goddelike genesing sou gekritiseer het. Ons, het eers nie in God geglo nie, ons het eers nie in Sy Woord geglo nie. Maar nou is ons opgewek daaruit, opgelig, gesterf in Christus, begrawe saam met Hom, opgewek saam met Hom in Sy opstanding, en sit nou in Hemelse plekke in Christus Jesus. Eers . . .

136 Sien, die Onderpand . . . Hier is ons, vandag, in die Onderpand van ons verlossing. Ons staan hier, vanaand, alreeds dood, begrawe in Christus, en opgewek saam met Hom, en sit in Hemelse plekke, om geestelike dinge te geniet wat terugkom van

die ander kant af. Sien, Hemelse plekke. O goeiste, dit laat ons skree om daaraan te dink.

137 Soos 'n ou gekleurde vrou, 'n Negervrou, suster, onder in die State gesê het, sy het gesê: "Dr. Branham," gesê: "Ek—ek's wil 'n getuienis gee."

"Gaan voort, Suster, getuig."

138 Sy het gesê: "Ek wil hierdie sê, mense: Ek issie," Dis 'n woord wat hulle in die suide gebruik. Gesê: "Ek issie wat ek moet wees nie, en ek issie wat ek wil wees nie, maar dan, 'n ander ding wat ek weet, ek issie wat ek was nie." Dis goed. Sy het geweet iets het gebeur. Amen. Ek ook, elke mens wat gebore is uit die Gees van God weet jy's nie wat jy was nie. Amen. Ek issie wat ek wil wees nie, en ek issie wat ek moet wees nie, ek is ook nie wat ek was nie. Sien? Ek het opgestaan saam met Hom. Nou, is ek *so* hoog op, in afwagting vir my verandering om te kom.

139 Nou, Moses, Moses was God se dienskneg. Nou, Jesus wat hier gepraat het, Hy het gesê: "Die manne van Ninéve sal opstaan in die oordeel omdat hulle hulle bekeer het op die prediking van Jona." Jona was 'n profeet.

140 Nou, baie mense praat net sleg van arme ou Jona, en hulle sê hy was 'n—'n afvallige. Ek dink nie so nie. Ek dink die Bybel het gesê die voetspore van die regverdiges word gerig deur die Here. Nou, ons doen dinge wat nie . . . ons verstaan nie hoekom ons dit doen nie, maar ons bly net stil, solank ons gelei word deur die Gees, gaan doen dit in elk geval. Dit mag teenstrydig wees met ons gedagtes, maar wanneer die Heilige Gees gesê het: "Gaan," gaan ons.

141 Byvoorbeeld, net nou het ek 'n byeenkoms, wat gereël word in New York, moet dit hierdie week hou, waar daar driehonderd Spaanssprekende mense was wat Madison Square Garden beset het, wat sitplek het vir negentienduisend, en hierdie einste week wou hê, hier, wat ek hierbinne is, om in New York te wees. Sien? Maar die Heilige Gees het my hiernatoe gelei, lyk asof dit teenstrydig sou wees, maar ek weet nie hoekom nie, maar ek's hier. Julle sien: "Kinders van God word gelei deur die Gees van God." Ons verstaan nie. Sien?

142 Nou, die ander broers kan na daardie mense toe gaan. Nou, soos Broer Roberts, hy kan nie soontoe gaan nie, hy kan nie hiernatoe kom nie, hy moet hê omtrent, ek dink, dis omtrent vyftien tot twintigduisend dollar elke dag, televisieprogramme, en allerhande soorte dinge, en—en 'n driemiljoen dollar gebou daar om te werk. Daardie broer kan nie hiernatoe kom nie, julle kan nie enigiets soos daardie ondersteun nie, julle is nie 'n . . . kan nie bekostig om dit te doen nie. Sien? En Tommy en sy groot program kan ook nie, met duisende sendelinge oor die land, kan hy dit nie doen nie.

143 So julle sien, die Here het my nooit so laat grootword nie, Hy het my net laat bly sodat ek in elke hoekie kan ingaan, want ek het niks anders nodig behalwe net Sy Teenwoordigheid nie. Dis reg. Ek was op die veld voor enige van daardie broers. Maar julle sien, die Here het met my gepraat, gesê: "Moenie enige van daardie kry nie, moenie verstrengel raak in geld nie, los dit uit."

144 Ek het nog nooit 'n offerande in my hele lewe opgeneem nie. Ek het al vir een-en-dertig jaar gepreek en nog nooit 'n offerande in my lewe opgeneem nie. Sien? Want . . . En ek hou 'n . . . Ek het dienste gehou met soveel soos vyfhonderdduisend in een gehoor, dan het ek gegaan en 'n diens gehou waar die kerk net sitplek gehad het vir twintig mense, maar die Here het gesê: "Gaan." Sien? Net waar ook al Hy sê: "Gaan," gaan.

145 Hier nie lank gelede nie . . . Julle het gehoor van Broer Roberts, die groot man. En ek het gegaan . . . O, hy's 'n dierbare broer, baie goeie vriend van my, en ek het na sy yslike groot gebou toe gegaan. Ek het oorkant na Tommy toe gegaan. En Tommy was hieronder by—by Portland toe die maniak uitgehardloop het om my daardie aand dood te maak, op die platvorm, julle het die storie gehoor, yslike groot kêrel, en gesê het: "Ek gaan jou daar uitslaan, in die middel van daardie gehoor in. Ek sal jou nek breek."

En die Heilige Gees het gesê: "Omdat jy die Woord van God uitgedaag het, sal jy oor my voete val."

Gesê: "Ek sal jou wys oor wie se voete sal ek val," sy groot vuis teruggetrek.

En ek het gesê: "Kom uit hom uit, Satan," en hy het oor my voete geval, net presies, daar was hy.

So Tommy het daar gestaan. Die polisie het uitgehardloop en gesê: "Ons is agter daardie man aan om hom in die tronk te sit." Gesê: "Is hy dood?"

146 Ek het gesê: "Nee, meneer, maar rol hom van my voete af." Julle sien? Hy het omtrent—omtrent oor die twee-vyftig geweeg, so hulle het hom van my voete afgerol, en daar was hy.

Hy het gesê: "Is hy genees?"

147 Ek het gesê: "Nee, meneer, hy aanbid daardie gees. Hy sal nie . . . " Ek het daardie twee polisie na Christus toe gelei in die kleedkamer, daaragter, by die . . . by Portland Ouditorium.

148 Nou, nou, julle sien, daarna het Tommy 'n dienskneg van God geword, en nou hy . . . en gaan uit in die velde, 'n groot werk gedoen. En Broer Oral, daar was sy groot gebou. Wel, dis 'n groot ding om te dink dat een man, een man omtrent 'n twee-en-'n-halfmiljoen, of driemiljoen dollar gebou kan oprig. Sjoe, goeiste! En kyk na To- . . .

149 Ek het in Oral se plek ingegaan, en daar's vyfhonderd IBM masjiene wat loop, sy briewe raak nooit aan mensehande nie,

daar's 'n masjien wat hulle optel, dit afskryf, dit afneem, dit vou, en dit uitstuur. Gaan na die bank toe, kry geld, en bring dit in met 'n yslike groot vragmotor, en stort dit in 'n . . . 'n Vervoerband loop rondom in verskillende tale, hulle haal hulle uit, soos *daardie*, en hulle sorg vir die geld. Wel, dis 'n . . . Julle het nog nooit so-iets in julle lewe gesien nie. En dis 'n groot ding. En Oral wat my deurgeneem het om my te wys, Broer Fisher, die een wat saam met hom daar sendeling was.

En dan het ek Broer Tommy s'n gesien, sy yslike groot plek daar oorkant, ek het gedink: "Hoe wonderlik, hoe goed." Toe het ek net uitgekyk. Broer . . .

150 Die polisie het gekom, gesê: "Broer Branham, jy kan nie by daardie deur uitgaan nie." Gesê: "Daar staan vyftig mense wat daarbuite staan en wag vir jou." Gesê: "Hulle sou . . . Hulle wag net om te sien . . . "

En ek het gesê: "Wel, is daar 'n agterste ingang?"

Gesê: "Ja, gaan uit deur *hierdie* kant." Nou, en hulle het gesê: "Ons sal 'n man omstuur om jou op te laai."

151 En ek het uitgestap in die agterste parkeerarea. En ek het op-en-af daar geloop en kyk na daardie yslike groot gebou. O, goeiste, net soos . . . Ek het nog nooit enigiets gesien, in enige deel van die wêreld, soos dit nie; 'n Pinksterseun het dit gedoen.

152 Ek het gedink: "Is dit nie wonderlik nie?" Ek het gedink: "God, hoe wonderlik!" En ek het gedink: "Dink net aan Broer Tommy se plek daar oorkant, hoe daardie yslike groot, amper 'n stadsblok, net om boeke te maak, en sekretaresses, ensovoorts, en IBM masjiene wat loop."

153 Ek het gedink: "Goeiste, ek sal dit haat as hulle na my plek toe moet kom en na my kyk." Ek het een klein tikmasjientjie wat in die een punt van 'n woonwa staan, en ek sou nie . . . probeer iemand kry om my te help om my briewe te beantwoord.

154 En ek het gedink: "Maar jong, ek sou nie graag, vir enigiets, daardie verantwoordelikheid wou hê nie, ek het nie genoeg verstand om dit alles te behartig nie." Ek het gedink: "God het dit geweet."

155 En ek het daar gestaan, en toe het ek baie melancholies geraak. Ek het begin dink: "God, elkeen van die broers het gesê dat hulle die bediening gesien het wat U my gegee het, en dit het hulle laat begin op die veld," ek het gesê: "daarvoor, is ek dankbaar, ons almal werk vir een groot Plek, daarbo, naamlik die Hemel." En ek het gesê: "Ek is dankbaar daarvoor." Maar ek het gesê: "Ek veronderstel U kon my miskien nie vertrou nie, en U het geweet ek sal nie in staat wees, om geld soos daardie op te neem nie, en ek sou nie die intelligensie hê om te weet wat om daarmee te doen as ek dit opgeneem het nie." En ek het gesê: "Ek reken dit is nou maar net so."

156 Nou, ek het daar gestaan, soort van 'n knop gevoel in my keel, want . . . Nou, ek sê nie hierdie nie . . . Ek sê dit net, die waarheid. Ek het 'n Stem gehoor net so duidelik soos julle my hoor, het gesê: "Maar Ek is jou Deel." . . . ? . . .

157 Ek het gesê: "Dank U, Here, ek sal oral gaan, enige plek, op enige tyd. Ek wil doen wat U—wat U wil hê ek moet doen," en God gedank. Nou, Broer Osborn, en Broer Roberts, en Broer . . . al daardie kosbare broers dwarsoor die wêreld, ons werk almal vir een Plek, een Plek. Julle sien?

158 En hierdie, die klein gawe wat die Here my gegee het, is om in hierdie hoekies in te druk. Jy kan nie gebonde wees aan geld, en programme, en sulke dinge nie. Druk net in die klein hoekies in en kry die ding aan die gang, dis al. En ek—ek—ek's dankbaar vir hierdie deel. En ek's so bly; Hy is my Deel, en Hy is die Een waarvoor ek wag.

159 Nou, Jona het 'n kaartjie gehad om af te gaan, en wou na Ninéve toe gaan, wat God hom geroep het om te doen, maar hy het Tarsis toe gegaan. Nou, julle dink: "Wel, hy het presies gedoen wat God vir hom gesê het om nie te doen nie." Maar net 'n oomblik, as 'n profeet gelei word deur die Here, kom dit altyd reg uit. Nou, hy het daarbuite gekom en die storm het opgekom, en—en die seë het rof geraak, en die boot was besig om te sink, en hulle het Jona se hande aan mekaar vasgebind en sy voete aan mekaar, en hom oorboord gegooi in die oseaan, en 'n walvis het hom ingesluk.

160 Nou, nie lank gelede nie, het hulle 'n walvis gehad wat op 'n—'n treinwa gelê het onder in Louisville, Kentucky, omtrent vyftien jaar gelede, of dalk twintig. En hulle het 'n lesing gegee, en die klein wetenskaplike wat 'n lesing gegee het, het met die Bybel gespot. Hier is wat hy gesê het, gesê: "Nou, ek wil hê julle mense, julle ken die legende . . . " Legende? Hierdie Bybel is nie 'n legende nie, Dit is die Waarheid. En hy het gesê: "Die legende van die walvis wat vir Jona ingesluk het," hy het gesê: "Ek wil hê julle moet oplet, jy sou nie 'n mooi groot bofbal kon neem en dit in die keel van daardie walvis insit nie. Sover dit daardie legende betref, is daar niks daaraan nie. Hierdie is 'n—'n goeie, gewone grootte walvis, en die walvis kon nie 'n man ingesluk het nie, want hy sou nie deur sy slukderm gegaan het nie. Dis . . . Dit . . . Die grootste wat jy dit sou kon ooprek sou omtrent vier duim wees, waardeur die man sou kon gaan, en hy kon nie dit gedoen het nie."

Dit was net te veel vir my Ierse agtergrond, julle weet, ek het gesê: "Meneer, ek wil 'n woord sê."

Hy het gesê: "Ja, meneer. Wat is dit?"

161 Ek het gesê: "Jy ken net nie jou Bybel nie." Ek het gesê: "God het gesê dat Hy hierdie vis voorberei het, hierdie was 'n

spesiaal-geboude *voël*. Sien? God het hierdie vis voorberei, dit was 'n ander soort."

162 Hierdie een—hierdie een, hy—hy kon. . . hy—hy sou 'n huis kon insluk as hy wou. God kan doen wat Hy wil. Die Bybel het gesê God het 'n vis voorberei. O, hy het 'n groot keel in hom gehad. Julle sien?

163 En so het Jona in die maag van die vis ingegaan. En julle dames weet nou, wanneer julle julle goudvissie voer, weet julle wat hy doen? Hy gaan reguit af na die onderkant van die tenk, en sit sy vinne teen die bodem, en rus. Hy het sy maag volgemaak. Sien? Hy lê net daar en rus. Hy het klaar deur die waters gesoek tot hy sy kos gevind het, en afgegaan en gerus. Dis hoe visse maak, wanneer hulle eet, 'n maagvol kry, gaan hulle terug. Die forelle hierbuite sal iewers onder 'n klip ingaan en rus. Dis die gewoonte. En ek kan my voorstel hierdie groot ou vis het 'n maagvol van hierdie profeet gekry. So hy gaan af in die water, en gaan af na die bodem, en gaan lê.

164 Nou, jy praat van Jona wat in 'n toestand was! Hy was in 'n slegte toestand. Baie mense praat van simptome, hulle sê: "Wel, daar is gisteraand vir my gebid, maar uhm, ek het steeds die pyn." Dit het niks daarmee te doen nie. "Daar is vir my gebid, my hand is steeds kreupel." Dit het niks daarmee te doen nie. As jy dit glo, kyk jy nie daarna nie, jy kyk na 'n belofte. Sien? Jy kyk nie na die hand nie, dis wat ons simptome noem, kyk na simptome.

165 Nou, daar's niemand hierbinne wat simptome soos Jona kan hê nie. Broer, hy het die ergste geval van simptome gehad wat ek al ooit gesien het. Kyk hier. Elke. . . Nou, hy was—hy was buite in die oseaan, sy hande en voete agter hom vasgemaak, en hy was in die walvis se maag, waarskynlik 'n hele paar faam diep, gelê in die braaksel van die walvis se maag op 'n stormsee. Nou, praat van simptome! As hy *hierdie* kant toe gekyk het, was dit walvismaag, *daardie* kant toe, was dit walvismaag. Oral waar hy gekyk het, was walvismaag. Daar's niemand in so 'n slegte toestand hier nie. Kyk wat. . . Kyk na die simptome wat hy gehad het.

166 Maar weet julle wat het hy gesê? Hy het gesê: "Hulle is valse nietighede. Ek sal nie enigiets daarvan glo nie." Hy het gesê: "Here," op sy rug gedraai, die braaksel oral rondom hom, die seewier om sy nek, hy het gesê: "nog een keer sal ek na U heilige tempel toe kyk." O! Nie: "kyk na die walvis se maag," of die omstandighede nie, maar: "kyk na U heilige tempel."

167 Salomo, toe Salomo daardie tempel toegewy het, het hy gebid, hy het gesê: "Here, as U volk in die moeilikheid is op enige tyd, en na hierdie plek toe kyk, hoor dan uit die Hemel." En Jona het opgetree volgens Salomo se gebed. En God, ek weet nie wat Hy gedoen het nie, Hy het 'n suurstoftent daaronder ingesit of iets, en Hy het hom lewendig gehou vir drie dae en nagte.

168 Nou, ons nie . . . Ons is nie in so ’n slegte toestand nie, daar’s niemand van ons so sleg daaraan toe as wat Jona was nie. Dis reg, want hier’s die Heilige Gees hier. Ons is nie in die walvis se maag nie, ons—ons is nie in daardie toestand nie. Maar as Jona, onder daardie omstandighede, na ’n tempel kon kyk wat ’n mens gebid het toe hy dit toegewy het, en die man wat gebid het later afvallig geraak het, en God sy gebede verhoor het, hoeveel te meer kan ons onder hierdie omstandighede na die Hemel kyk, waar Jesus aan die regterhand van God sit, en vir altyd lewe om voorspraak te maak volgens ons belydenis? My, goeiste! “Ek sal nie na my maagpyn kyk nie. Ek sal nie na my hart kyk, wat snaaks klop nie. Ek sal nie na my kreupel hand kyk nie. Maar ek sal na die belofte kyk, want Hy sit daar en leef altyd om voorspraak te maak.” Amen.

169 Ek wil nou vir julle iets wys, wys waar God weet waarvan Hy praat. Nou, die mense van Ninéve, dit was ’n groot stad, omtrent ’n halfmiljoen mense, amper die grootte van St. Louis, Missouri, en hulle was heidene, hulle was in allerhande sonde. Hulle het diere, en afgode, en alles aanbid, en hulle was . . . hulle beroep was vissermanne. En so was die walvis die god van die see.

170 So almal van hulle was buite omtrent elfuur aan die visvang, al die vissermanne wat hulle nette ingetrek het daarbuite, in die see, en voor jy jou kom kry, het die seegod, die walvis opgekom, opgeswem na die oewer, sy tong uitgesteek, en die profeet het reguit uitgestap gekom op die oewer. Hulle het beslis bekeer. God het geweet wat om te doen. God weet wat om met mense te doen wat wil glo. Sien?

171 Jona was nie buite die wil van God nie. Sien, die walvisgod het die profeet reg op die oewer uitgespoeg, so natuurlik gaan hulle sy Boodskap glo. En daar het hy uitgekom.

172 En Jesus het dit gesê, julle weet, dat daar meer as Jona daar was. Maar let op wat Hy gesê het. Nou, ’n bietjie voor ons op ’n ander onderwerp ingaan. Kyk. Jesus het gesê . . . Hulle het gesê: “Meester, ons wil ’n teken sien.” Drie verse voor waar ek begin lees het. “Meester, ons wil ’n teken sien.”

173 Hy het gesê: “’n Swak en owerspelige geslag soek na ’n teken.” Is dit reg? En Hy het gesê: “Daar sal geen teken vir daardie geslag gegee word nie,” nou, luister, goed. Hoeveel weet dat—dat Skrif Ditself die heeltyd herhaal? Ons weet dit. En Hy het gesê: “Daar sal geen teken gegee word vir daardie swak, slegte, owerspelige geslag nie,” dis hierdie geslag.

174 Daar was nog nooit soveel, in die hele wêreld, van boosheid en owerspel soos wat daar net nou is nie, verdraaidheid. Wel, homoseksueel, verdraaidheid, vroue op die strate, ontklee, elke . . . Julle . . . Dis net verskriklik hoe mense regoor die wêreld maak, en veral in die—in die State. En dit raak omtrent net so erg in Kanada, dis te jammer, maar dis waar. Daardie groot volk,

hierdie volkie is 'n nabootsing daarvan, moenie julle op hulle skoei nie, skoei julle op *Hierbo*, Christus.

175 Let op. En daar was hulle, 'n slegte. . . Hy het gesê: "Daar sal wees geen. . . " Nou, luister, goed, sodat julle dit nie mis nie. "Hulle sal 'n teken ontvang. Soos Jona drie dae en nagte in die maag van die walvis was, so sal die Seun van die mens drie dae en nagte in die hart van die aarde wees." Hulle sal daardie teken ontvang. Wat is. . . ? Die teken van die opstanding. Begryp julle dit? Dis presies wat ons nou kry, die teken dat Hy nie dood is nie, Hy het opgestaan uit die dood en onder ons, en doen dieselfde dinge wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was. En die slegte en owerspelige geslag, sien, sou daardie teken ontvang.

176 Dan, nog een, ter afsluiting. Hy het gesê: "En die koningin van die suide sal opstaan in die oordeel saam met hierdie geslag, en sal dit veroordeel. Want sy het gekom van die uiterstes van die aarde af om die wysheid van Salomo te hoor; en kyk meer as Salomo is hier."

177 Luister nou, ter afsluiting. In die geslag van Salomo, het God 'n gawe vir die aarde gegee, en dit was die gawe van onderskeiding, en dit het op Salomo geval, en al die mense het dit met eensgesindheid geglo. Wat as al die mense vandag sou glo? Wat as die Kanada, en die Verenigde State hulle Gawe sou glo wat God vir hulle gestuur het, die Heilige Gees? Wat as al die mense wat bely het om Christene te wees Dit net geglo het? Wel, dan sou ons nie bekommerd hoef te wees oor Rusland se atoombomme en al daardie goed nie.

178 Wel, ons. . . Jy sal nooit uit die pad van die atoombom kan grawe nie. Wel, die ding. . . Mense grawe gate, en onder in die State gaan hulle af in grotte en maak regeringskantore. Wel, daardie atoombom, die een wat hulle nou het wat die aarde sal laat oopbars, ek dink dis drie- of vierhonderd voet diep, en vir 'n honderd-en-vyftig vierkante myl. Wel, as jy tienduisend voet onder die aarde was, tot reg onder in die lawa, sou dit elke been in jou liggaam breek. Jy kan nie daarvan af weggrawe nie.

179 Maar ons het 'n bomskuiling, dis nie van staal gemaak nie, dis van vere gemaak, onder Sy vlerke, amen, word opgelig. Dis reg. Wanneer daardie. . . Voor daardie bom val, sal ons in die Heerlikheid wees. Wat makeer? Nou, en dan sê hulle ons is mal. O, as ek mal is, los my soos ek is, ek voel beter so. So ek net. . . ek wil graag so bly.

180 Nou, let op. Nou, in Salomo se tyd, het almal daardie gawe geglo, o goeiste, almal. Hulle het nie rondgegaan en gesê: "O, hy's, o, Gemeentes, en hy's, o, *dit*, en hy's, o, *dat* nie." Nee, hulle was almal eendragtig, hulle het dit geglo.

181 En hoe almal wat verbygekom het by die. . . deur. . . Hulle het nie stralers en dinge in daardie dae gehad nie, hulle moes met kameelkaravane reis. En wanneer hulle verbygekom het, sou

hulle sê. . . afgegaan het na die ander dele van die wêreld, sê: "Julle moet hoor bo in Palestina, hulle het 'n God daarbo, en daardie God maak Homself bekend deur 'n man."

182 Nou, sien, heidense aanbidding is om jouself neer te buig voor die afgod, die denkbeeldige god, en te glo dat die denkbeeldige god met jou praat. Christendom is teenoorgesteld, God neem 'n lewende man wat homself voor Hom neerbuig, en spreek Sy Eie Woorde deur die lewende man, nie deur 'n afgod nie. Draai net reguit om vanaf heidense aanbidding, afgode aanbidding, na Christen-aanbidding.

183 Nou, hulle het gesê: "Hulle het 'n man daarbo wat hulle God, wat hulle aanbid, deur die man praat met onderskeiding." O, dit het oral gegaan dat alle nasies hulle vrees, hulle het gawes en alles ingestuur. Geen oorloë in die tyd van Salomo nie. Nee, hy was—hy was. . . hulle het gedink hy was te slim. Dit was nie hy nie, dit was God, die Heilige Gees in hom wat hom slim gemaak het.

184 Nou, daardie nuus het ver onder oor die aarde gekom tot in die land van Skeba. En as julle meet op julle kaart, dis 'n ver ent soontoe, oor die Sahara Woestyn. En hierdie heidense koninginnetjie, sy was 'n heiden, en mense wat ingekom het, wat sê: "O, jy moet net sien daarbo in Palestina, *so-en-so*, en *so-en-so*." Goeiste, hoe hulle daaraan dink!

185 Nou, julle weet, geloof kom deur die, wat? Die gehoor van die Woord van God. Nou, die vroutjie sou sê: "Wat?" Julle weet God in haar, sy het geglo dat daar 'n God was, en so toe daardie geloof haar begin aanraak het, dat daar Een was, het sy begin soek na Hom. En almal sou inkom, wanneer hulle in haar koninkryk inkom, kameelkaravane wat deurgaan, julle weet, handelaars, ensovoorts, met sy en linne, ensovoorts, en produkte, en wat hulle ook al gehad het, deurgekom het, wel, sou sy hulle in haar paleis inroep, sy sê: "Het julle Palestina langs gekom?"

"Ja."

"Is dit so?"

186 "Dit is so, dit is so. Jy het nog nooit. . . Daardie mense is eensgesind en eendragtig. Jy het nog nooit so-iets in jou lewe gesien nie. Hulle God het vir hulle 'n gawe gegee en vertoon dit deur 'n man, en hulle het daardie man hulle koning gemaak. O, goeiste. Hulle glo dit almal, elkeen van hulle."

"Wel, het julle dit gesien?"

"Ja."

"Is dit so?"

"Dis beslis so."

187 O, goeiste. Dan wil sy dit sien, julle weet, wanneer jy daarvan hoor. Nou, sy het besluit dat sy was. . . Sy het al die Boekrolle

gekry, en sy het begin lees wat daardie God was. Sien? Sy was 'n heiden, en sy het begin lees wat Jehova was, Sy geaardheid gesien. Sy het gesê: "Dan moet dit Jehova se geaardheid wees wat Homself vertoon in hierdie man, want Jehova, sê hulle, is alwetend, en Hy sê dinge vooruit."

188 So nou, as 'n koningin, was daar baie waardeur sy moes gaan, sy moes oorgaan na haar heidense priester en toestemming vra om haar kerk te verlaat. Wel, weet julle wat? Ek kan my voorstel daardie heidense priester, het gesê, julle weet: "Maar jy sien, kyk hier, Meisietjie, jy's 'n koningin, jy kan nie saam met daardie ongeletterde klomp gaan nie," jy weet: "jy kan dit nie doen nie, jy's 'n koningin. En hulle . . . Weet jy wat? Wel, jy weet, dit sal . . . jy sal jou eie klas verlaat as jy soontoe gaan."

En sy het gesê: "Maar, meneer, ek wil gaan. Iets sê vir my ek wil gaan."

189 "O, maar ons . . . jy kan dit nie doen nie, kind, jy kan dit nie doen nie. Nou, luister, ons weet hulle sê al hierdie soort goed daarbo: 'Hulle het die Skelfsee oorgesteek, en dit het opgedroog, en—en hulle het brood uit die Hemel uit laat reën.' Maar, net legendes, daar's niks daaraan nie."

190 Jy hoor daardie selfde ou duiwel vandag praat. Die duiwel vat sy man, maar nooit sy gees nie. God vat ook nooit Sy Gees nie. Hy mag Sy man vat, maar die Heilige Gees wat daar op Christus was, het teruggekom vir die Kerk tot die einde van die wêreld om dieselfde ding te doen.

191 Let op. Nou, daardie ou groot geleerdes en dinge van daardie dag, en daardie ou yslike groot klomp Fariseërs, hulle lewe nog, hulle gees is reg op ander, julle sien, en God se Gees lewe steeds net dieselfde, om Sy Woord te bevestig, aan te gaan. Hang af van wat jy wil glo, dis al.

192 Nou, as ons oplet . . . Toe het hy gesê: "Nou, daar's glad nie so-iets soos dit nie." Gesê: "Nou, as daar enigiets daaraan was, sou ons afgode, ons kerk dit gedoen het."

193 Jy vind dit, dieselfde ding vandag: "Nou, as daar enigiets aan Goddelike genesing is, sou die groot *So-en-so* kerk dit geglo het, die groot *So-en-so* kerk sou dit gedoen het. Sien?" Maar julle weet, God doen dinge om Homself te behaag. Hy hoef nie enigiemand daaroor te vra nie, Hy is die Selfversorgende, sien, Hy hoef niemand te vra nie. So God het dit gedoen.

Julle weet, jou hartjie begin honger na God, is daar niks wat dit gaan stop nie. En sy het gesê: "Meneer, ek gaan in elk geval."

"Wel, as jy dit doen, sal ek vir jou jou kerkbrief gee."

194 Gesê: "Jy kan dit maar net sowel gee, want ek is op my pad." So sy . . . Sien, niks gaan 'n persoon keer wat na Christus toe kom wat Hom regtig glo nie. Wanneer jy die Woord van God hoor, en

weet Dit beweeg, is daar niks wat jou gaan stop nie, dis al, jy kom in elk geval.

195 En onthou nou, daardie dametjie het baie probleme gehad. Nou, ek sien haar haar kamele pak, en hier het sy aan iets gedink, sy het gesê: "Nou, wag 'n bietjie, as dit waarlik. . . as daardie gawe reg is, dan gaan ek dit ondersteun." So sy het 'n klomp goud gekry, en wierook, en goed, en dit op kamele gepak. Sy het gesê: "Ek sal dit saam met my neem, maar as dit nie so is nie, dan sal ek my geld reguit terugbring."

196 Dit kan Pinkstermense iets leer, van dienste ondersteun, en dienste wat—wat die einste ding haat waarvoor julle staan, julle eie kerk laat kortkom. Hulle doen dit in die State, ek hoop nie julle Kanadese doen dit nie, maar hulle doen dit daaronder en net om gewild te wees: "Ek gee *so-en-so* vir *so-en-so*." O, goeiste, afgeroomde melk.

197 Let op. Nou, hier was hy. Sy het alles bymekaar gesit, en sy het dit op haar kamele gesit, al daardie geld, duisende der duisende dollars se goud. En onthou, Ismael se kinders, die Arabiere, hulle was toe diewe in die woestyn. Hoe maklik sou dit nie vir hulle gewees het om, daardie vinnige perderuiters, om reguit in te ry en daardie klompie wagte om daardie koningin dood te maak, en—en daardie geld te vat, en weg te vlieg binne vyf minute, nie!

198 Maar julle sien, as jy vasbeslote is om God te ken, ken jy geen vrees nie. Geloof ken geen vrees nie. Dit reg? Jy gee nie om wat die dokter sê, wat enigiemand anders sê nie, jy glo dit. Sien? En sy het nie aan die rowers, en *dit*, *dat*, en die *ander* nie, sy het gedink aan om daar te kom en God te sien werk in 'n man.

199 En nou, onthou sy. . . Hoe lank dink julle het dit daardie vrou geneem? Sy het nie 'n lugversorgde Cadillac gehad om in te kom nie, nee, sy moes agterop 'n kameel ry. Weet julle hoe lank het dit vir die kameeltrein geneem om van Skeba af na Palestina te kom? Drie maande, negentig dae, deur 'n warm Sahara woestyn, die warmste plek in die wêreld, op 'n kameel se rug, om te probeer kom om 'n gawe van God te sien. Geen wonder Jesus het gesê sy sal opstaan in die Oordeel en hierdie geslag veroordeel nie. Sien? Sy mag snags gereis het, in die dag het sy in die oase gelê en die Boekrolle gelees, die Skrifte, om te sien wat Jehova was. Sy het uiteindelik by die poorte gearriveer.

200 Sy het nie gekom, sê: "Wel," soos mense vandag maak nie: "Ek sal ingaan en gaan sit, as hy een ding sê wat teenstrydig is met my geloof, sal ek reguit opstaan en uitloop." Dit wys onkunde. Dis reg. Maar sy het gekom om te bly tot sy oortuig was. Sy het die Bybel gelees, sy het gesien wat Jehova beteken het, en wat Jehova was, en wat Jehova belowe het. Sy wou sien of daardie Jehova, waarvan hulle gepraat het, in daardie man was.

En ek kan my voorstel haar priester het vir haar vertel, gesê: "Wel, nou kyk hier, hier's ons groot Dagon, hier's ons groot afgod hier."

201 Sy het gesê: "Ja, my oor-oor-oor-oor-oorgrootjie het hulle gedien, en hulle het niks gedoen behalwe om die heeltyd daar te staan as 'n standbeeld nie. Hulle haal nie asem nie, hulle beweeg nie, daar's niks wat gebeur het nie. En hulle sê hierdie God is 'n lewende God, wat iets doen." Amen. Dis reg. Amen.

202 Ek voel soort van godsdienstig nou, ja. 'n Lewende God, nie 'n dooie een nie. Van watter nut is 'n God wat die Skelfsee kon oopmaak, as Hy nie vandag dieselfde kan doen nie? Van watter nut is 'n God wat 'n melaatse kon genees in die vergange dae, as Hy nie vandag dieselfde kan doen nie? 'n Historiese God help niks, as Hy nie dieselfde God vandag is nie. Dis reg. Hy is dieselfde God vandag, gister, vandag, en tot in ewigheid, dieselfde Een, wat net dieselfde geloof vra wat hulle gebruik het.

203 Nou, sy's by die tempel, sy pak af daar in die tempelwerf, slaan haar tente op, sit haar geld agter in 'n hoek, plaas haar eunugs rondom dit om dit te bewaak. En die volgende oggend, het sy miskien vroeg opgestaan, sy en haar diensmeisies wat by haar was, en hulle het ingegaan en gaan sit, waarskynlik ver agter aan die agterkant van die kerk. En hulle het al die liedere gesing, en die trompette het geblaas en alles, en naderhand het Pastoor Salomo uitgestap gekom.

204 Hoe al die mense gesê het: "O, prys God, daar's ons pastoor." En hulle het uitgestap, Pastoor Salomo op die platvorm. En sy het daardie dag dopgehou, die einste dinge wat sy gehoor het wat vertel is, het gebeur.

205 En dag na dag het sy die Boekrolle gaan bestudeer. Sy het gewag tot haar gebedskaartjie geroep is, of wat dit ook al was wat sy gehad het om daar op te gaan, haar afspraak met Salomo. En toe sy gekom het bo-op die . . . daar voor Salomo, het die Bybel gesê dat daar niks vir Salomo verborge was nie, hy het alles wat sy wou weet geopenbaar.

206 Is dit nie dieselfde God wat daar in Christus was, wat die verborgenhede van die hart geken het nie? Wat het sy gesê? Sy het omgedraai, nou, as 'n heiden, sy het omgedraai, en sy het gesê: "Alles wat ek gehoor het was reg, en meer as dit." Dit is vir haar gedoen, julle sien, sy was 'n getuie daarvan. Dieselfde ding wat Natánael en hulle gesien het (gisteraand) in Jesus, wat dieselfde ding gedoen het, die verborgenhede van die hart openbaar het, hier, vyf-en-twintighonderd jaar tevore, nee, omtrent agthonderd jaar voor dit gebeur het, hier het Salomo dieselfde ding gestaan en doen wat Christus gedoen het toe Hy gekom het. Dis dieselfde God. Sien julle?

207 Wat het sy gesê? "Salig is hulle wat by u is om die heeltyd hierdie gawe te sien werk. Salig is die manne wat daagliks hier sit, en dit die heeltyd sien gebeur." En sy het 'n gelowige geword.

208 En Jesus het gesê sy sal in die laaste dae opstaan en hierdie geslag veroordeel, omdat sy van die uiteindes van die aarde gekom het om die gawe van God te sien werk en dit geglo het, en mense, vandag, sal nie oor die straat loop nie. Dis reg. Hulle sal nie met 'n goeie motor na die diens toe ry nie, inteendeel, hulle sal dit bespot. En dieselfde Christus het voorspel dat 'n slegte en owerspelige geslag wat na tekens sou soek die teken van die opstanding sou ontvang. Geen wonder. Wat was fout?

209 Ter afsluiting, sê ek dit, sy het iets gesien wat eg was. Dis wat ware gelowiges wil sien, iets egs. Onthou, die einste ding wat die ware gelowige red, veroordeel en stuur die ongelowige, hel toe. Die einste water wat vir Noag gered het, het die ongelowige verdrink. Dieselfde oordeel wat die gelowige gered het, het die ongelowige doodgemaak. Dieselfde Gees, vandag, wat die gelowige ontvang, sal in die Oordeelsdag, die ongelowige veroordeel. Sien?

210 Net 'n storietjie vir my Indiaanse broers, en almal. Ek hou van jag. O, ek hou net van jag! My, my, dis—dis my tweede natuur, my bekering het dit nooit uit my uitgehaal nie. En ek—ek wil graag vir julle 'n storietjie vertel van 'n jag net hier, waar God my presies vertel het, julle pastoor, Broer Byskal, onthou dit, Broer Sothmann, daaragter, waar Hy vir my presies vertel het wat ek sou doen, waarheen ek sou gaan, 'n karibo wat ek sou kry, waar hy sou lê, 'n man sou 'n groen geruite hemp aanhê, en sou 'n grysbeer doodmaak voor ek teruggekom het. Dit reg? Dit reg, Broer Sothmann? Honderde mense vir wie ek vertel het.

211 Reguit soontoe gegaan, en Eddie het my dit hoor vertel, die dag voor ons weg is, daaronder. Twee dae later, het hy net daar gestaan en elke deeltjie daarvan net gesien gebeur, presies. Vir hulle vertel, ek het gesê: "Die horings sal presies twee-en-veertig duim hoog wees."

212 En die gids het gesê: "Presies twee-en-veertig?" Gesê: "Broer Branham, na . . . " Hy het gesê: "Waar's daardie grysbeer bo-op die bopunt van hierdie berg?" Gesê: "Broer Branham, volgens wat jy vir my vertel het, dat jy 'n grysbeer gaan doodmaak voor jy terugkom na waar Eddie Byskal staan met 'n groen geruite hemp aan." En sy vrou het dit in die kampsak gesit, en hy het vir my gesê dat hy nie eers een het nie.

213 Ek het gesê: "Wel, dan, is daar iemand wat dit gaan hê, want dit gaan daar wees." En hy het daardie groen geruite hemp aangehad.

Gesê: "Voor ons terugkom daar?"

Ek het gesê: "Dit . . . "

214 Hy het gesê: "Broer Branham, ek het 'n broer gehad wat epilepsie gehad het, en jy het vir my gesê, wanneer hy weer sy aanval gekry het, om sy hemp uit te trek en dit in die vuur te gooi, en hy sou dit nie weer kry nie." Wel, hy het, en God het om daarvan genees. Nou, het hy gesê: "Dan kan ek dit nie betwyfel nie. Maar waar gaan daardie beer wees?"

215 Ek het gesê: "Hy's Jehova-jireh, Hy kan vir Homself 'n beer voorsien om Sy Woord te laat gebeur." En toe ons net omtrent 'n halfmyl van hulle af was, en ons wat omtrent drie myl van hulle af was, was ons omtrent 'n halfmyl van hulle af. Ek het gestaan . . .

Hy het gesê: "Broer Branham, ons het nog net 'n halfmyl verder. Waar's die beer?"

Ek het gesê: "Moenie jy . . . " Ek het gesê: "Wat's dit daar, Bud?" Daar was 'n nege-voet, silwer-haar grysbeer wat bo-op die heuwel gestaan het, wat reguit na my gekyk het.

Hy het gesê . . . Ons het binne vyfhonderd tree gekom, hy het gesê: "Broer Branham, het jy al ooit 'n grysbeer geskiet?"

Ek het gesê: "Ek het al baie bere geskiet."

Hy het gesê: "Jy beter hom van hier af skiet."

Ek het gesê: "Nee, die visioen het gesê ek was baie naby aan hom."

Hy het gesê: "O, Broer Branham!" Hy het gesê: "Skiet hom nou in die rug," gesê: "want as jy hom nie in die rug skiet nie, hulle is groot vegters."

Ek het gesê: "Ek weet, maar hierdie een in die visioen, het ek in die hart geskiet."

Hy het gesê: "O!"

En ek het gesê: "Gaan net aan, Bud."

216 Ons het oorgegaan in nog 'n klofie, opgekom, en toe was ons baie naby aan hom, omtrent tweehonderd treë, ek het gesê: "Hierdie is net reg." Ek het gesê: "Wag tot hy omkyk." Gelyk soos 'n groot hooimied. Hy het gedraai, na my gekyk.

217 Ek het 'n klein ou geweertjie gehad, en net toe hy gedraai en na my gekyk het, het ek hom reguit in die hart geskiet, en hier het hy oor die heuwel gerol soos daardie, so hard as wat hy kon kom, soos daardie. En Bud het daar gestaan, wit geraak om die mond, hy het gesê: "Broer Branham, ek wou hom nie op my skoot hê nie."

En ek het gesê: "Ek ook nie." Daar . . .

Hy het gesê: "Nou, as daardie horings presies twee-en-veertig duim is wanneer ek daaronder kom, gaan ek 'n skreeuende oorval kry."

Ek het gesê: "Jy beter dit net hier kry, want dit gaan so wees."

Hy het gesê: "Ek het 'n maatband in my saalsak."

218 En ons het daaronder gekom. Die visioen het gesê 'n—'n klein handjie sou die horings vashou. Ek het langs broer Eddie gaan staan daar, ek het gesê: "Nou, kyk hoe hou daardie seun daardie horing vas." En hy het omgegaan en daardie maatband gekry, dit uitgebring, dit neergesit op die onderpunt van die kop, daardie klein handjie, sy seun, Blaine, het dit vasgehou, daar opgegaan.

Bud het gesê: "Genade, Broer Branham, net presies op die kop, twee-en-veertig duim."

219 Ek het gesê: "Bud, Hy faal nooit, ek bedoel, Hy sê net presi-. . . net presies." O, Hy is God! Wanneer ons iets werklik en egs kan sien! Dis wat daardie koningin wou sien, iets egs.

220 Ek het altyd saam met 'n half-Indiaan broer van my gejag, sy naam is Bert Call. Hy's 'n Brit, en hy woon hierbo, of, Engelsman, woon bo in New Hampshire. Goeie jagter, ek hou daarvan om saam met hom te jag, jy hoef jou nie te bekommer dat hy sal verdwaal nie, hy het sy pad terug geken. En ons. . . Maar hy was die wreedste man wat ek ooit in my lewe gesien het, daardie kêrel was regtig boos. Hy het oë soos 'n akkedis gehad, en hy het altyd na my gekyk met daardie akkedis-oë, en my in elk geval doodbang gemaak.

221 Maar hy—hy het altyd vir my gesê. . . Hy het altyd klein takbokkies geskiet, julle weet, klein baba-takbokkies. Nou, dis in die haak, ek het al klein takbokkies doodgemaak wanneer. . . As die wet sê jy kan 'n klein takbokkie doodmaak, maak dit dood, dis in die haak. Abraham het 'n kalf doodgemaak en dit vir God gevoer. Daar's niks in die grootte van enigiets, of die geslag daarvan nie, maar om hulle net dood te maak om wreed te wees, dis verkeerd. Julle moet dit nie doen nie, net dood te maak om wreed te wees nie.

222 Dis een ding van die Indiaan, die rede waarom hy die grootste natuurbewaarder was wat ons ooit gehad het, hy het net geneem wat hy kon gebruik, as hy meer gevang het, het hy dit losgelaat. Die wit man was 'n moordenaar, hulle het uitgegaan, die buffels uitgeskiet, ensovoorts, vir teikens. Dis die slegte kêrel, is om sulke dinge te doen.

223 Maar Bert het hulle altyd geskiet net vir die pret, om my—om my te laat sleg voel. Hy het gesê: "Julle predikers is lafhartig." So dis wat 'n. . . Weet julle wat is 'n. . . ? Word daardie woord hierbo gebruik, *lafhartig*? "Lafhartig." Gesê: "Dis—dis wat fout is met julle predikers."

224 So eendag het ek daar opgegaan. En hy het vir hom 'n fluitjie gemaak, om dit te laat klink soos 'n klein baba-takbokkie, met daardie klein "brrr," hulle. . . roep, asof dit geroep het vir sy mammie.

En ek het gesê: "Bert, jy sal dit tog nie doen nie."

Hy het gesê: "O, jou lafhartige prediker." Hy het gesê: "Billy, jy sou 'n goeie jagter gewees het as jy nie 'n prediker was nie."

Maar ek moes net in elk geval sy wild kry omtrent elke herfs, julle sien, so ek—ek het hom net laat begaan. So ek het gesê: "Bert, jy sal dit tog nie doen nie."

Hy het gesê: "Wat is verkeerd daarmee om 'n klein takbokkie dood te maak?"

225 Ek het gesê: "Niks, maar om dit net te skiet om dit te los om daar te lê, oor te gaan en nog een te skiet, net om wreed te wees," ek het gesê: "dis—dis erg, Bert. Jy behoort dit nie te doen nie. Daardie een sal eendag grootword as 'n groot bok, miskien 'n ooi, baie ander takbokke kry. Jy mag eendag kinders kry, wat wil jag," sovoorts.

"Ag, onsin," het hy gesê, net so wreed as wat hy kon wees.

226 So daardie dag was dit baie laat, en ons het die witsterttakbok daarbo, en jy praat van Houdini wat 'n ontsnapkunstenaar was, hy's 'n amateur teen een van hulle. [Broer Branham klap sy vingers—Red.] Man, hy's weg soos *dit*. Jy moet vinnig wees, en flink, en 'n dodelike skut om hom te tref, en dan, na—na daar 'n paar keer op hulle geskiet was.

227 So dit was soort van laat in die seisoen, en ons het heel oggend gejag, nie eers 'n spoor nie, omtrent ses of agt duim sneeu. En ons dra altyd 'n warmfles vol warm sjokolade, waar as ons in die nag buite in die storm gevang word, of iets, ons goed aan die gang sou bly, so en ons het 'n toebroodjie in ons jas gehad.

228 En omtrent elfuur, en ek het gedink: "Wel, ons het nie eers 'n spoor, of niks gesien nie." Maanverligte nagte, en hulle sal in die nag vreet, julle weet, wei, en gaan in die dag, onder takke lê, agter in die digte woud.

229 En so het ons opgegaan, amper by die boomlyn en ek het gedink miskien . . . en Bert het voor geloop. En ons sou bo-op die berg kom, dan sou hy afdraai en een kant toe gaan, en ek na die ander. En ons sou omkom, miskien sou ons daardie aand inkom of die volgende oggend, een, en ons 'n takbok sou doodmaak, het ons geweet waar om hom te gaan haal, ensovoorts, 'n perd neem en agter hom aangaan. So toe, het ek gedink, hy was . . .

230 Hy het gekom by 'n oopte omtrent drie of vier keer die grootte van hierdie gebou hier, en hy het soort van gaan buk by 'n sneeuwal, soort van gebuk. Daardie woord word nie hier gebruik nie, word dit? Ek's 'n suiderling. Met ander woorde, hy het gehurk? Gaan hurk soos *hierdie*. En hy—hy het daar gaan sit, en hy het gegaan om agter in sy jas te kry. Ek het gedink hy gaan sy toebroodjie uithaal, en so ek het myne ook uitgehaal. Ek het gedink: "Wel, ons sal hier skei, ek sal een kant toe gaan en hy die ander, en weer terugjag vanmiddag."

231 En hy sy hand agtertoe uitgesteek en hy het hierdie fluitjie uitgehaal. Ek het gesê: "Nou, Bert!" En hy het na my gekyk, daardie akkedis-oë wat na my gekyk het, en soort van gegrynslag, daardie klein grynslaggie op sy gesig, en hy het daardie fluitjie uitgetrek soos *dit*, en hy het dit geblaas, en toe hy het, het 'n yslike groot ooi opgestaan net aan die oorkant, oorkant daardie openinkie.

232 Ek het gedink: "Uh-oh. O, sy het 'n slegte beweging gemaak toe." Nou, dis vreemd, hulle sal dit nie gewoonlik doen, julle Indiaanse broers weet dit, wanneer julle gejag word nie.

233 En toe, het hy na my gekyk, en daardie akkedis-oë, hy het gelag, en hy het dit weer geblaas, en daardie moeder-ooi het net teguit uitgestap in daardie opening in. Nou, dis baie vreemd vir hulle, daar, om dit te doen.

234 Nou, 'n ooi is 'n moedertakbok, julle weet. Ek kon sien haar groot . . . Ek kon naby genoeg kom om haar groot oë te sien, daardie groot ore wat regop staan, so grasieus. Sy het reguit uitgeloop daar. Nou, was was fout? Sy het nie toneel gespeel nie, sy was 'n moeder, sy was 'n gebore moeder. Die instink van *moeder* was in haar, en haar babatjie het gehuil, sy het nie omgegee om vir enigiets te vrees nie, sy het haar babatjie kom kry.

235 En ons het nooit 'n koeël in die loop nie, so hy het 'n koeël ingesit, 'n .30-06 honderd-en-tagtig grein sampioenkoeël . . . sampioen, hy het dit daar ingesit, en hy was 'n dodelike skut. En toe die . . . Dit was 'n Model 70 Winchester, en toe hy die slot afgetrek het soos daardie, die klik van die geweer, het die takbok geskrik, gekyk, en sy het die jagter gesien, maar sy het nooit weggehardloop nie.

236 Nou, julle weet dis vreemd. Maar sy was 'n moeder, haar baba was in die moeilikheid, en sy was 'n gebore moeder, en sy het gesoek na haar babatjie. En sy het na daardie jagter gekyk, en sy, groot neus omhoog, gekyk soos *daardie*, haar babatjie probeer vind. Hy . . . Sy het dit hoor skree, sy het nie toneelgespeel nie, dit was eg. Sy was 'n moeder.

237 Ek het hom sien korrel, 'n dodelike skut, en ek het gedink: "O, goeiste. Hy sal haar hart regdeur die ander kant skiet. Hoe kan hy haar so mislei? Hoe kan hy so gemeen wees om dit te doen? Daardie fluitjie te blaas, en daardie moedertakbok hier uit te kry en haar te skiet, glo nie hy sal haar inneem nie."

238 En ek het gedink: "Daardie getroue hart van daardie takbok sal uit haar uitgeskiet word." En ek het gekyk, en ek het hom reg sien korrel, Ek het gedink: "Sodra daardie kruishaar in daardie teleskoop regoor daardie getroue hart kom, sal hy dit regdeur haar skiet." Ek het my rug gedraai, ek kon nie daarna kyk nie.

239 En ek het begin bid, ek het gesê: "Hemelse Vader, hoe kan hy dit doen? Hoe kan hy dit doen, Here? En hy wil nie luister as ek

van U praat nie." Ek het gesê: "Hoe kan hy dit doen?" En ek was soort van daar aan die bid op my eie agter 'n bos.

240 Ek het geluister om die geweer op enige oomblik te hoor afgaan, ek het gewag, dit het nie afgegaan nie. Ek het omgekyk, en dit het *so* gegaan, hy kon dit nie meer vashou nie. Hy het omgekyk, die yslike groot trane wat teen sy gesig afloop, sy swart, Indiaanse hare het oor sy gesig geval. Hy het die geweer op die wal neergegooi, gesê: "Billy, ek het genoeg daarvan gehad. Lei my na daardie Jesus waarvan jy praat."

241 Wat was dit? Hy het iets egs gesien. Hy het iets gesien wat nie aangesit, kunsmatig was nie. Hy het die ware moederskap gesien wat gewys was vir haar babatjie, iets wat eg was. O God, maak almal van ons daardie soort Christen.

242 Hoeveel hierbinne wil graag daardie soort Christen wees wat daardie takbok 'n moeder was? Jou hart, gevaar, of niks anders nie, iets groot sien, iets egs sien. Dan God, o, mag Sy seëninge . . .

243 Kom ons buig ons hoofde net 'n oomblik. Bid elkeen van julle in julle eie hart, en sê: "God, maak my daardie soort Christen," net stil by jouself nou.

244 O God, ons Vader, gee aan U diensknegte, O Vader, vergifnis van sonde. Hoor ons terwyl ons uitroep, seën ons nou. Openbaar ons sondes aan ons harte, en maak ons ware Christene. Laat barmhartigheid en genade in ons harte gedy. Skenk dit, Here.

245 Hulle het iets werklik gesien, en hulle was toe gereed. Hulle het iets gesien wat nie gefabriseer kon word nie, dit moes iets wees wat eg was, dit was nie 'n gefabriseerde ding nie. En ons het 'n God, vanaand.

246 Daardie man is 'n diaken in 'n kerk. Net daar op daardie sneeuwal, met sy arms om my gevriesde broekspype, het hy gesê: "Billy, daar moet iewers 'n God wees." Gesê: "Is daar 'n God is wat my soveel van 'n Christen kan maak, as wat daardie takbok 'n moeder is?"

Ek het gesê: "Ja, Bert, Sy Naam is Jesus. Sal jy Hom ontvang?"

Hy het gesê: "Met my hart hele hart, Billy, ontvang ek Hom."

247 Ek het in die sneeu gekniel, die koeël uit sy geweer gehaal, my arm om sy nek gesit, daar, saam gebid, hy het Jesus as sy Verlosser ontvang. Dit was omtrent twintig jaar gelede, hy's nou 'n getroue lidmaat van die Liggaam van Christus, wonderlike broer.

248 Nou, terwyl ons bid, hoeveel hier, in Goddelike teenwoordigheid, met julle hoofde gebuig, sou sê: "Ek wil graag daardie soort Christen wees"? Miskien het jy nooit vir Christus as jou Verlosser aanvaar nie, en jy sal sê: "God, wees my genadig, ek wou nog altyd 'n Christen wees, maar eintlik, het ek nog nooit enigiets gesien wat my sou laat . . . niks egs soos daardie nie, maar ek glo regtig dat daar 'n God is, en ek wil Hom aanvaar

as my Verlosser." Sal jy jou hand opsteek, sê: "Bid vir my, Broer Branham"? God seën jou, Meneer. Nog een? God seën jou, Dame. Nog een? God seën jou, God seën jou, jou, jou. God seën jou daaragter, Dame. Party . . . Nog een?

249 Nou, jy mag 'n lidmaat van 'n kerk wees, ek praat nie van lidmaatskap nie. Ek praat van, dis jy wat 'n Christen is, eg, die dood sou niks vir jou beteken nie. Jy het Jesus so lief dat Hy net is . . . jy's . . . jy het Hom so lief soos 'n moeder haar babatjie sou liefhê. En jy weet, jy praat van die liefde wat Hy vir jou het? Hy het gesê: "Kan 'n moeder haar suigeling vergeet?" Gesê: "Sy mag dalk, maar Ek kan jou nie vergeet nie. Julle name is gegraveer op My handpalms."

250 Nou, die koningin van die suide het gekom om die wysheid van Salomo te sien. Hier was Jesus, na al hierdie honderde jare, wat dieselfde ding gedoen het. En hulle . . . Sy het gesê: "Hulle . . . " Sy het na Salomo kom luister. En hier was Hy met dieselfde gawe, net groter, en het belowe dat, in hierdie dag, sou hulle die teken van die opstanding ontvang. God, maak ons eg. Bid nou. God wees met julle. Bid net, net saggies op jou eie, sê: "Wees genadig, Here, ek bely nou al my sonde, ek glo in Hom."

251 God seën julle, vertrou dis 'n . . . geloof is in julle hart. Nou, lig julle hoofde, kyk hiernatoe. Ek is julle broer, ek kom om vir julle die waarheid te vertel. Die God wat die gawe vir Salomo gegee het, is dieselfde God, vanaand. Jesus het daar gestaan, wat God gemanifesteer in die vlees was, en die mense gewys.

252 Nou, die Bybel voorspel dat in die laaste dag, die Gees van God Ditself sal manifesteer op dieselfde manier, net voor die koms van die Seun van God, dit sou wees soos dit by Sodom was. Glo julle dit? Nou, laat die God wat julle aanvaar het as julle persoonlike Verlosser, laat Hom spreek, vanaand.

253 Hoeveel van julle mense hier wat . . . ? Ek gaan die gebedskaartjies uilaat net op hierdie tyd. Hoeveel mense hier wat nie 'n gebedskaartjie het nie, nou, jy het nie 'n gebedskaartjie nie, en jy glo God sal jou genees? Steek jou hand op, sê: "Ek sal glo." Goed.

254 Nou, kyk julle hiernatoe, net 'n oomblik. As 'n vreemdeling vir julle . . . Nou, as Jesus hier gestaan het, vanaand, met hierdie selfde pak klere aan wat Hy jare gelede vir my gegee het, nou, as jy na Hom toe gekom het, en jy het gesê: "Here, sal U my genees?" Hy kon dit nie doen nie, Hy het dit alreeds gedoen. Julle glo dit, nie waar nie? "Deur Sy wonde . . . "

255 Maar Hy kon vir julle bewys dat Hy Christus was. En die enigste manier wat julle dit sou weet, nie op die manier wat Hy geklee was nie, nie die littekens op Hom nie, maar die bediening wat Hy sou hê, Hy sou die Woord wees. En die Bybel het gesê: "Die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard, en

'n Onderskeier van die gedagtes van die hart." Is dit reg? Nou, hoeveel weet dis waar, sê: "Amen."

256 Nou, die Bybel het gesê dat Jesus, nou, 'n Hoëpriester is wat geraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Is dit reg? Nou, as Hy dieselfde Hoëpriester is, wat van julle geloof wat Hom aanraak, en kyk en sien . . . ? Nou, as ek is . . .

257 Luister. Dink julle Hy sou enigiets te doen hê met 'n skynheilige? Jesus? Nee, meneer. Dink julle Hy sou Homself vereenselwig met leuens? Nie ons God nie. Nee. Maar ons God is verantwoordelik vir Sy Woord. Is dit reg? En nederig, laat Hy hierdie toe om te gebeur, nie omdat Hy moet nie, maar om aan die mense te bewys dat Hy God is en Sy belofte hou, God.

258 Party van julle mense daaragter, julle Anglo-Sakse, glo julle dit met julle hele hart? Steek jou hand op, sê: "Ek glo dit, voor ek enigiets egs gedoen sien word, glo ek dit."

Die Indiaanse mense, glo julle met julle hele hart? Steek julle hand op.

259 Nou, nou, gaan ek julle weer vra, julle sonder 'n gebedskaartjie, steek julle hand op. Nou, julle wat nie 'n gebedskaartjie het nie, steek julle hand op, die witmense daaragter. Goed.

260 Nou, ek wil hê julle moet bid. Julle mense daaragter, bid en sê: "Here Jesus, daardie prediker ken my nie, maar U ken my." Nou, julle kan julle hand laat sak en bid, en sê: "Here Jesus, as U 'n Hoëpriester is, laat U my vir U aanraak, en dan draai U om," soos die vrou wat Sy kleed aangeraak het, en Hy omgedraai en gesê het: "Wie het aan My geraak?"

En Paulus, of, Petrus het gesê: "Here," hy het Hom bestraf: "almal raak aan U."

Hy het gesê: "Maar Ek het gevoel dat Ek swak geword het." Deug, krag het uit Hom uitgegaan.

261 Nou, as een klein vroutjie wat aan Hom geraak het, deur die gawe van God te gebruik, as een klein vroutjie wat aan Hom geraak het, Hom laat swak word het, wat van my, 'n sondaar, gered uit genade? Maar wat het Hy gesê? "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen, meer as hierdie sal julle doen . . . " Nou, die Koning James sê: "groter." Maar die . . . in die oorspronklike vertaling . . . Niks kan groter wees nie, Hy het die siekes genees, Hy het die dooies opgewek, Hy het die natuur laat stilstaan, Hy het alles gedoen. Maar "meer as hierdie sal julle doen," reg rondom die wêreld, sien: "want Ek gaan na die Vader."

262 Nou, bid julle. Julle weet wat verkeerd is met julle, en bid julle. En laat . . . As julle nog nooit iets egs gedoen sien word het nie, en Hy sal hier verskyn, vanaand, in Sy Teenwoordigheid . . . Nou, nie ek en my . . . Maak nie saak hoeveel gawe ek het nie, julle

moet ook geloof hê, want dis julle geloof wat dit laat werk, dis nie ek nie.

263 Die vrou, sy het Sy kleed aangeraak en Hy het swak geword, dit was die vrou wat God se gawe gebruik het. Maar toe Hy weggegaan het van die huis van Lasarus, en weggegaan het en was . . . en teruggekom het, en 'n man opgewek het wat al vier dae dood was, het Hy nooit gesê Hy het toe swak geword nie, dit was God wat Sy gawe gebruik het. Glo julle dit? Want Hy het by die graf gesê, julle weet: "Ek—Ek dank U, Vader, het My alreeds verhoor, vir—vir hulle het Ek dit gesê." Sien? Hy het gesê: "Ek doen niks tot die Vader My gewys het nie." Dis hoekom Hy nie teruggegaan het toe hulle Hom laat roep het nie. Nou, bid.

264 En as ek God se dienskneg is . . . Nou, as enigiemand dink hierdie is vals, kom hier op en doen dit, laat ons jou dit sien doen, as dit vals is. Baie stil. Dan is dit nie, dis van God. Dis God se Bybel. Nou, glo julle. En glo nou net, alles . . .

265 Ek's 'n senuweeagtige . . . Hierdie is elf agtereenvolgende dienste vir my, en ek's net gedaan. Julle weet dit. Aand na aand, elke aand, krag, sterkte, en deur die dag, sal Hy my afstuur op die hoek en sê: "Staan hier, daar sal 'n kêrel verbykom in 'n rolstoel." Dis die groot visioene, hierdie is die kleintjies, wat julle hier veroorsaak. Dis die een wat God gee, gesê: "Hierdie man kom verby, en hy het 'n *sekere* ding op 'n *sekere* tyd gedoen. Hy sal om die hoek kom, praat net met hom, en laat hom opstaan uit die stoel, en gaan aan. Laat niemand weet wie dit gedoen het nie." Julle hoor dit hierbo in die koerante, en sulke dinge. Niemand weet wie dit is nie. Hy stuur my soontoe, sê: "Doen hierdie." Sien? Dis God wat Sy gawe gebruik. Sien?

266 Nou, doen julle dit. Gebruik julle God se gawe en sê: "Groot Hoëpriester van God, laat my U aanraak. En gebruik U vir Broer Branham om met my te praat, en as U my net sal vertel wat my probleem is, en wat . . . hierdie, of so-iets, in my hart, ek voor bid, sal ek glo met my hele hart." En dan sal jy in staat wees, om te sê, soos die moeder takbok, soos . . . Julle sal iets egs sien, soos wat Bert Call gesien het.

267 Nou, hier. Hier, hier is Dit. Dank U, Here. Kyk *hiernatoe*. Hoeveel het daardie foto in die koerant gesien, vanaand? Het julle dit gesien? Het hy dit hier gewys? Goed. Julle weet daardie Vuurkolom wat julle in die koerant gesien het? Daar is Dit. Dit staan net *daar*. Dis bo 'n vroutjie, wat hier ver agter sit, aan die agterkant, 'n dametjie. Sy dra bril, sy's soort van maer, sy ly aan allergieë.

268 Glo jy, Suster? Jy het jou hand opgesteek 'n paar minute gelede, jy het nie 'n gebedskaartjie gehad nie. Jy het nie . . . 'n gebedskaartjie nie, het jy? Staan op jou voete. Is dit waaraan jy ly? As dit reg is, steek jou hand op. En as ek 'n vreemdeling vir jou is, wuif jou hand *so*. Ek wil vir jou iets vra. Jy het nou net 'n baie

liefdevolle gevoel gevoel, het jy nie? Net baie. . .Ek kyk reguit na daardie Vuurkolom, wat om daardie vrou draai, net nou. Jou geloof het jou genees. Jesus Christus, sien.

Nou, glo julle?

Meer as Salomo is hier AFR62-0725
(A Greater Than Solomon Is Here)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Woensdagaand, 25 Julie 1962, by die Legioen Ouditorium in Port Alberni, Brits-Colombië, Kanada, is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2022 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org